# DIE TIEN GEBOOIE

## God se Volmaakte Wet van Vryheid

**dr. Peter Hammond**

**LIVINGSTONE FELLOWSHIP**

**Kaapstad, Suid-Afrika**

# DIE TIEN GEBOOIE

## God se Volmaakte Wet van Vryheid

**dr. Peter Hammond**

*Kopiereg © 2017 Peter Hammond*

*Toestemming word hiermee verleen aan enige kerk, sendingorganisasie, tydskrif of periodiek vir die herdruk van, of aanhaling uit, enige gedeelte van hierdie boek, op voorwaarde dat die gedeelte wat aangehaal word in konteks is, en dat erkenning aan die bron gegee word. Pos asseblief 'n afskrif van die relevante artikel aan: Frontline Fellowship, Posbus 74, Nuweland 7725, Kaapstad, Suid-Afrika.*

*Skrifaanhalings is met die nodige goedkeuring gemaak uit die 1933/1953 Vertaling (Kopiereg © 1953 Bybelgenootskap)*

Vertaling: Toi Nel, Johan Kriel & Tershia de Klerk
Setwerk: Colin Newman & Tershia de Klerk
Omslag: Daniela Hammond

ISBN 978-0-9946971-2-7

Christian Liberty Books
Vanaf 1995
Posbus 358 Howard Place 7450 Kaapstad Suid-Afrika
Tel.: 021-689-7478  Faks: 0861-551-7490
admin@christianlibertybooks.co.za
www.christianlibertybooks.co.za

FRONTLINE FELLOWSHIP
Posbus 74 Nuweland, Kaapstad 7725 Suid-Afrika
Tel: 021-689-4480  Faks: 021-685-5884
mission@frontline.org.za   www.FrontlineMissinoSa.org

## Toewyding

Hierdie boek word opgedra aan **Professor Shai Mulder,**
Prinsipaal van *Back to the Bible Sending*,
in bewondering en waardering vir sy standvastige voorbeeld
en opofferende diens in die opleiding van pastore,
onderwysers, evangeliste en kapelane,
om Afrika te wen vir Christus.

# Die Tien Gebooie

## God se Volmaakte Wet van Vryheid

### dr. Peter Hammond

## INHOUD


| | Bladsy |
|---|---|
| Voorwoord deur eerw. Bill Bathman | i |
| Inlieding<br>**Die Wet van God** | **v** |
| Hoofstuk 1: Die Eerste Gebod<br>**Plaas God Eerste** | **1** |
| Hoofstuk 2: Die Tweede Gebod<br>**Afgode van Verwoesting** | **7** |
| Hoofstuk 3: Die Derde Gebod<br>**Eer die Here se Naam** | **13** |
| Hoofstuk 4: Die Vierde Gebod<br>**Hou die Sabbatdag Heilig** | **19** |
| Hoofstuk 5: Die Vyfde Gebod<br>**Eer Jou Ouers** | **25** |
| Hoofstuk 6: Die Sesde Gebod<br>**Jy Mag nie Moord Pleeg nie** | **29** |
| Hoofstuk 7: Die Sewende Gebod<br>**Jy Mag nie Egbreuk Pleeg nie** | **35** |
| Hoofstuk 8: Die Agtste Gebod<br>**Jy Mag nie Steel nie** | **41** |
| Hoofstuk 9: Die Negende Gebod<br>**Jy Mag nie Valse Getuienis Teen ‘n Ander Gee nie** | **49** |
| Hoofstuk 10: Die Tiende Gebod<br>**Jy Mag nie Begeer nie** | **57** |
| Hoofstuk 11<br>**Die Wet van God en Die Evangelie van Christus** | **65** |
| Bibliografie en Voorgestelde Boeke | **73** |
| Die Skrywer | **74** |
| Ander Beskikbare Publikasies | **75** |

# Voorwoord

*deur eerw. Bill Bathman*

Terwyl ek by Livingstone Fellowship geluister het na hierdie reeks boodskappe, is ek getref deur die praktiese eenvoud van hierdie ewige waarhede, en die relevansie daarvan vir ons dag. Ek het die Here elke Sondag ná die boodskap gedank vir die wyse waarop Hy my deur Sy Woord aangespreek het, en ek het gewens dat Dr. Hammond ‘n groter gehoor gehad het. Ek is verheug om nou te sien dat die hele reeks boodskappe in hierdie boek vervat is.

Die Tien Gebooie is God se maatstaf, aan die hand waarvan Hy ons beoordeel, en dit laat ons ook besef hoe vêr ons van Sy heerlikheid vervreem geraak het. Dis God se waterpas, wat ons morele regsinnigheid meet. Soos die jongmense sal sê: “Die Tien Gebooie is God se teksboodskap om ons in lyn te hou.”

In vandag se mensgesentreerde kultuur het God (indien Hy enigsins in berekening gebring word) ons “Maatjie” geword, ‘n ewige “Fabrikant van seëninge”, wat ons te enige tyd kan inroep as ons in die moeilikheid beland, of ‘n Vriend benodig. *“Wie sy oor wegdraai om nie na die Wet te luister nie, selfs sy gebed is ’n gruwel.”* Spreuke 28:9

Vandag aanbid baie mense voor die afgodsaltare van pluralisme, multikulturalisme en die intergeloof beweging. Hierdie vals gode word uitmuntend ontmasker in hierdie reguit, praktiese en maklik-leesbare boek. Hierdie gode moet waai!

Veral die nuwe gedagtes en inspirasie van die Vyfde Gebod was vir my tot besondere seën. U sal ‘n hele skatkis daarvan vind tussen die blaaie van hierdie beskeie geskrif.

Die Agtste Gebod ontbloot Muhammad se regverdiging van diefstal op ‘n briljante wyse. “Jihad is een van die verdienstelike dade in die oë van Islam, en is die beste bron van inkomste.” (Mishkat II, Bld. 340) Vir Muhammad was diefstal ‘n wen-wen resep. As jy die geveg gewen het, is die buit joune. As jy verloor, gaan jy na die *paradys* met al daardie maagde. Muhammad: woestyn voëlvryverklaarde, rower, dief, moordenaar en pedofiel, het elkeen van die Tien Gebooie verbreek. Hierdie is onbetwiste, goed-gedokumenteerde kenmerke van die stigter van die wêreld se tweede grootste godsdiens, gemeet aan God se wette.

Omtrent almal het al gehoor van die Tien Gebooie, en baie het dit in die Bybel gelees. As iemand wat dit al baie gelees het, het ek gedink ek weet net omtrent alles oor wat God se Wet van gelowiges verlang. Hierdie boek laat elke Gebod lewe en maak dit relevant vir ons huidige kultuur. Elke hoofstuk is ‘n bron van genotvolle verrassings en bruikbare inligting, geestelike inspirasie en Christelike uitdagings.

Daar is mense wat sê: "Die Tien Gebooie was eintlik maar net vir die Ou Testament; hulle is nie meer op ons dag van toepassing nie." Hierdie boek is vanuit God se perspektief geskryf en bevat ‘n paar verhelderende antwoorde op daardie aanname. Jesus het gesê: *"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul."* Matthéüs 5:17

Die skrywer se eerlike bekentenis van waar en hoe hy gefaal het in sy gehoorsaamheid, en hoe die Here met hom gewerk het, is hoogs verfrissend. Dit is ook baie gerusstellend om te weet dat ons Hemelse Vader werk maak van ons herstel en genesing. Hierdie boek sal vir u groter waardering gee vir Sy genade en die onberekenbare prys wat Hy vir ons sondes betaal het, omdat ons – wat waarlik skuldig is – die meeste van Sy Gebooie, indien nie almal nie, verbreek het.

*eerw. Bill Bathman – Voorsitter,*

*Frontline Fellowship, Arizona VSA* *Augustus 2016*

# Exodus 20:1-17

1. Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê:
2. Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.
3. Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie.
4. Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.
5. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die Here jou God, is ’n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;
6. en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en My gebooie onderhou.
7. Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.
8. Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig.
9. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen;
10. maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God; dan mag jy géén werk doen nie — jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie.
11. Want in ses dae het die Here die Hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig.
12. Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee.
13. Jy mag nie doodslaan nie.
14. Jy mag nie egbreek nie.
15. Jy mag nie steel nie.
16. Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.
17. Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.

***"Maar hy wat diep insien in die volmaakte Wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen."*** Jakobus 1:25

Inleiding

# DIE WET VAN GOD

***"Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed."***
Romeine 7:12

God het Sélf die Tien Gebooie verwoord. Hy het dit met Sy eie vinger op kliptafels geskryf.

Dit was nadat die Here God die Israeliete uit Egiptiese slawerny verlos het. Hulle was getuies van die enorme krag waarmee God die tien plae op Egipte laat neerkom het. Hulle het aanskou hoe die Here die waters van die Rooi See gekloof het, sodat hulle op droë grond kon deurgaan. Toe hulle op die ander kant voet aan wal sit, het hulle gesien hoe die Here die water oor die aankomende Egiptiese strydwaens laat stroom het.

Hulle het die manna geproe, wat God van die Hemel af laat neersif het, om hulle in die woestyn te voed. Hulle dors is geles met water wat op Sy bevel uit 'n rots gestroom het. Hulle was ooggetuies van God se onbeskryflike mag om te red en te genees. Hulle het ook Sy mag om te straf, te oordeel, met die dood te straf en te vernietig, persoonlik aanskou.

En toe hulle voor die berg van God staan, was dit met rook omhul terwyl die Here in vuur neergedaal het. Die rook het opgestyg soos dié uit 'n brandoond, en die hele berg het angswekkend geskud.

Dít was die konteks waarbinne die Here Sy Tien Gebooie bekend gemaak het.

Die Wet se merkwaardige oorsprong onthul die heilige aard daarvan. Die Tien Gebooie is 'n direkte uitvloeisel van die ewige karakter van ons Heilige Skepper en Ewige Regter. Dit is die standaard, waaraan die wêreld gemeet sal word. Die Tien Gebooie is 'n blywende riglyn vir die lewe van alle mense. Die Wet definieer sonde (***"… sonde is wetteloosheid"*** 1 Johannes 3:4).

## Hartsverandering

***"Die wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel."*** Psalm 19:8

***"Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen."*** Jakobus 1:25

Die Here se Wet oortuig van sonde (Romeine 7:7-11).

Die Wet veroordeel oortredings (Romeine 4:15; Jakobus 2:10; Galásiërs 3:10; Deuteronómium 11:26-28).

Die Wet bekamp boosheid: ***("Maar ons weet dat die Wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik en as hy weet dat die Wet nie gegee is vir die regverdige nie, maar vir die wettelose en tugtelose mense, goddelose en sondaars, onheiliges en ongewydes, vadermoorders en moedermoorders, moordenaars, hoereerders, sodomiete, mensediewe, leuenaars, meinediges en wat daar anders met die gesonde leer in stryd is, volgens die Evangelie van die heerlikheid van die salige God wat aan my toevertrou is."*** 1 Timótheüs 1:8-11**;** ***"Ek het U Woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie."*** Psalm 119:11).

Die wet dryf mense na Christus ***("Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof."*** Galásiërs 3:24. ***"Die wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel."*** Psalm 19:7).

Die Wet van God is die rigsnoer vir ons heiligmaking ***("sodat die reg van die Wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."*** Romeine 8:4).

Die Wet van God is 'n integrale deel van die nuwe Verbond ***(Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit... dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die Here: Ek gee my Wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."*** Jeremia 31:31-33**).**

**Die Wet van God Bly van Krag**

Ons Here Jesus Christus het uitdruklik die ewigdurende geldigheid van die Wet bevestig (***"Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die Hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die Wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die Hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die Hemele. Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die***

***skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die Koninkryk van die hemele sal ingaan nie. Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg."*** Matthéüs 5:17-20)

In al die Evangelies het Christus die relevansie van die Wet benadruk (Matthéüs 22:36-40; Matthéüs 23:23; Markus 7:1-13).

Christus Jesus het ook die burgerlike funksie van die Wet gehandhaaf (Matthéüs 15:3-6).

Christus sélf het die Wet volkome onderhou gedurende Sy lewe en bediening op aarde (Psalm 40:7-8; Matthéüs 8:4; 17:24; Markus 11:16-17; Johannes 8:46; Johannes 15:10; 1 Johannes 2:4-6; 1 Johannes 3:4).

Christus Jesus het ons gered in ooreenstemming met die eise van die Wet ***("Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die Wet, om die wat onder die Wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang"*** Galasiërs 4:4-5; ***"En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael."*** Kolossense 2:13-14.

Die Tien Gebooie is op die ganse mensdom van toepassing, maar dit het veral betrekking op Christene. Daarin word die karakter van God weerspieël, en die volle outoriteit daarvan bly steeds behoue. ***"Heilig moet julle wees, want Ek, die Here julle God, is heilig."*** Levítikus 19:2.

***"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."***

2 Timótheüs 3:16-17

**Ons Eerste Prioriteit**

Toe die sending-pionier, John Eliot, begin het met die vertaling van die Bybel in Algorquim, die taal van die Indiane in Massachusetts, het hy met die Tien Gebooie begin. Sy eerste preek vir hulle, was ook oor die Tien Gebooie. Natuurlik het Eliot nie gedink die Indiane sou deur die Tien Gebooie gered word nie. Maar hulle moes die Wet van God verstaan, vóór hulle sou verstaan waarom hulle redding in Christus nodig het.

Net so het John Paton sy bediening aan die kannibale van die Stille Suidsee ook begin met onderrig oor die Tien Gebooie. Die skerp naald van die Wet skep die opening vir die rooi garing van die Evangelie. Mense sal nie die heiligheid van God verstaan, alvorens hulle die Wet verstaan nie. En solank as wat hulle nie die heiligheid van God verstaan nie, sal hulle ook nie hul eie sondigheid en hulle behoefte aan redding deur Jesus Christus begryp nie.

Wat meer is, terwyl regverdiging deur die geloof te make het met hoe sonde vergewe word, het heiligmaking te make met hoe sonde in ons lewens oorwin word. Robert Murray M'Cheyne het verduidelik: *"Dit is 'n heiligmakende Evangelie. Sonder die vrug van heiligheid is alle getuienis nutteloos. My liewe Vriende, julle het ontwakings, verligtings, ondervindings, en baie tekens; maar as heiligheid by julle ontbreek, sal julle nooit die Here sien nie. 'n Ware hunkering na volkome heiligheid is die beste kenmerk van wedergeboorte... onvernude mense kan nie daarvan getuig nie."*

Om oor die Tien Gebooie te preek en mense daaroor te onderrig, bring bekering terug in die Evangelieboodskap. Baie kerklidmate bedrieg hulleself; hulle toon geen Bybelse tekens dat hulle deur die Heilige Gees wedergebore is nie – ten spyte daarvan dat hulle op evangeliese uitnodigings gereageer het, die sondaars-gebed gebid het, hulle laat doop het, hulle name as lidmate laat opskryf het, en aan talle kerklike aktiwiteite meedoen.

Onderrig oor die Tien Gebooie behoort te help om die valse leerstelling - dat 'n mens Jesus as *"persoonlike Saligmaker"* kan aanneem, sonder om aan Hom as Heer onderdanig te wees – die nek in te slaan. Die opvatting dat gehoorsaamheid aan die opdragte van Christus vir enige ware Christen 'n opsionele ekstra is, sal deur Skrifgetroue eksegese as 'n leuen aan die kaak gestel word.

Die reiniging van ons sonde deur die bloed van Christus, en die werking van die Heilige Gees in ons harte, is onafskeibaar saamgevoeg in God se groot Verlossingswerk. Regverdiging en Heiliging loop hand aan hand.

Koning David, die skrywer van die meeste Psalms, en die een wat beskryf is as *"'n man na God se hart"* het geskryf: ***"Laat my wandel op die pad van U gebooie, want daarin het ek 'n behae."*** Psalm 119:35;

***"Toorngloed het my aangegryp vanweë die goddelose wat U Wet verlaat."*** Psalm 119:53; ***"Hoe lief het ek U Wet; dit is my bepeinsing die hele dag.."*** Psalm 119:97; ***"Twyfelaars haat ek, maar U Wet het ek lief."*** Psalm 119:113; ***"Dit is tyd vir die Here om te handel: hulle het U Wet verbreek. Daarom het ek u gebooie lief, meer as goud, ja, as baie fyn goud."*** Psalms 119:126-127

Die Apostel Johannes skryf: "***Hy wat sê: Ek ken Hom, en Sy Gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie."*** 1 Johannes 2:4

Die Apostel Paulus het geskryf : ***"Maak ons dan die Wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die Wet."*** Romeine 3:31; ***"Dus is die Wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed."*** Romeine 7:12; ***"Want ek verlustig my in die Wet van God na die innerlike mens."*** Romeine 7:22


Martin Luther het gesê: *"Die eerste taak van 'n Evangelieprediker is om God se Wet te verkondig, en die wese van sonde uit te spel."*

John Bunyan het gesê: *"Die man wat nie die wese van die Wet ken nie, ken ook nie die wese van sonde nie."*

Om die Wet van God te verbreek, is eintlik niks anders nie, as om jouself op die Wette van God te verpletter. Ontelbare individue en nasies het God se opdragte oortree en teen Sy Wet oorlog verklaar. Die slote en die krotbuurte, hospitale en gestigte, tronke, oorlogsvelde en begraafplase is vol van die gevolge van die mens se rebellie teen God.

***"Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en Sy Gebooie bewaar. Want dit is die liefde tot God, dat ons Sy Gebooie bewaar; en Sy Gebooie is nie swaar nie. Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof."*** 1 Johannes 5:2-4

***"Die Wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof."*** Galásiërs 3:24



Moses konfronteer die verafgoding van die goue kalf.

Hoofstuk 1

# Die Eerste Gebod

# PLAAS GOD EERSTE

‘n Groep teologiese studente het die opdrag gekry om die Tien Gebooie in volgorde van belangrikheid te herrangskik. Daar was algemene instemming dat *“Jy mag nie moord pleeg nie”* die belangrikste gebod is. Hulle het ook saamgestem dat *“Jy mag nie steel nie”* die tweede belangrikste gebod is. Die derde was *“Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.”*

Maar hulle het wel verskil oor watter gebod die laaste moet wees. Die helfte van die studente het gevoel dat *“Jy mag nie egbreuk nie”* die minsbelangrike is. Die ander helfte was van mening dat *“Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak nie”* die onbelangrikste is. Na verdere bespreking het die klas besluit dat *“Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie”* van al Tien Gebooie die minste van belang is.

Dit openbaar nogal iets oor daardie teologie-studente se beskouings. Toe Jesus gevra is watter gebod die belangrikste is, het Hy geantwoord*: “... Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod.”* Matthéüs 22:37-38.

**Vyandigheid Teenoor die Wet**

Op ‘n Christelike konferensie is ‘n bespreking oor die Tien Gebooie gehou. Een afgevaardigde het opgemerk dat die Tien gebooie nie eintlik vir hom ‘n uitdaging is, of veel waarde vir sy heiligmaking het nie - omdat dit meestal met growwe sondes soos afgodery, egbreuk, diefstal en moord te make het. Hy was verbaas dat geen melding gemaak word van onderliggende sondes soos hoogmoed, selfsugtigheid en woede nie – dié dinge waarmee ons daagliks worstel. Volgens ‘n ander afgevaardigde is die gebooie nie spesifiek genoeg nie. ‘n Vroulike deelnemer was van mening dat die Tien Gebooie “te negatief” is. Sy sou verkies dat dit eerder positiewe raad oor die lewe gee, en ons kon help om volgens die bergpredikasie of die vrug van die Gees te lewe. Dan sou dit vir Christene “meer relevant” wees.

In hierdie eeu van wetteloosheid oorskadu onkunde en ‘n vyandigheid teen die Wet van God selfs ons Teologiese Fakulteite en Christelike konferensies.

## Die Kode vir Heiligheid

Jesus Christus het die Wet uitdruklik bevestig, Hy het dit nadruklik geleer, dit perfek onderhou en het ons gered in termeván die Wet. Die Tien Gebooie is die samevatting van elke ander Skrifgedeelte wat handel oor 'n heilige lewe, en dit bring elke denkbare sonde aan die lig. Elke gebod dek 'n hele familie van sondes. En al word dit in 'n negatiewe vorm gegiet, bevat dit implisiet die opdrag om die goeie te doen – die positiewe teenoorgestelde. Die Tien Gebooie is inderwaarheid God se kode vir heiligheid.

Die eerste Gebod is van al tien die heel belangrikste - in teenstelling met die opvatting van die teologiese studente wat meen dat dit laaste moet kom. Die Here vereis eerste plek in ons lewens, omdat Hy die Almagtige God, ons Skepper en Ewige Regter is.

## Tot ons Voordeel

Ons liefdevolle Hemelse Vader wil nie hê ons moet ons lewens met valsheid, bedrog en geestelike gif besoedel nie. God weet wat vir Sy kinders die beste is. Sy begeerte is dat ons die heel beste mense moet word wat ons moontlik kan wees, dat ons die volle potensiaal wat Hy in ons geskape het, sal verwesenlik en só suksesvolle seuns en dogters van die lewende God sal word. Ons sal slegs ware vrede en vervulling vind as ons God Sy regmatige plek in ons lewens gee.

Met die gee van die Tien Gebooie op Sinai het God verklaar: *"Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie."* Exodus 20:1,2

Met Sy uitspraak: *"Ek is die Here",* het Hy effektief panteisme, politeïsme en alle post-modernistiese (New Age) denke verbied. Met *"Ek is"* het Hy Homself as 'n Persoon openbaar. Anders as wat panteisme ons wil wysmaak, is God nie *"'n onpersoonlike mag"* nie. Om die waarheid te sê, panteisme is van alle godsdienste die heel verwerplikste, want as *"alles God is"* kan daar geen onderskeid tussen die goeie en die bose wees nie. As *"alles waar is"*, dan is niks vals nie. As *"niks vals is nie"* moet alles waar wees. Evangelisasie sou dan volledig irrelevant wees en daar sou geen finale Waarheid wees waarvan almal seker kan wees nie. As *"God in alles is en alles goed is",* dan is 'n dronk bestuurder wat oor 'n rooi lig jaag en 'n onskuldige kind doodry, moreel op dieselfde vlak as Florence Nightingale, wat haar hele lewe gewy het aan die versorging van siekes en die wat ly.

**God Alleen**

Net deur Homself *"Ek"*, te noem, ontmasker die Here ook die grondliggende leuen van politeïsme - die geloof in vele gode. God het nooit gesê: "Ons is die Here julle gode nie."

Hy het wel verklaar: *"Ek is die Here jou God."* Hy is die Enigste Ware God. Daar is géén ander nie. Wie die gode van die heidendom aanbid, buig eintlik voor bose geeste in 'n ander gedaante (1 Korinthiërs 10:20).

God se openbaring op die berg negeer ook post-modernistiese (*New-Age*) denke, wat eintlik maar die ou leuen van die slang in die tuin van Eden was: *"Julle sal dan net soos God wees..."* Génesis 3:5. Tereg sê C.S. Lewis: "Ons is halfhartige wesens; ons mors tyd met drank en seks en ambisie, terwyl ewige vreugde vir ons aangebied word. Ons is soos 'n dom kind wat verkies om modderkoekies in die gopse te maak, omdat hy nie begryp wat 'n aanbod om by die see vakansie te hou nie, beteken nie. Ons is te maklik met enigiets tevrede."

Volgens Matthew Henry het die eerste Gebod nie slegs op heidense gode betrekking nie: "Om lief te hê, te begeer, jou te verlustig in, of enigiets goeds van enige sondige vergryp te verwag, is verbode. Ons mag ook nie toelaat dat enige persoon of ding - ongeag van hoe waardevol of uitstekend dit is - met God meeding om ons liefde nie. Alle ateïsme, ontrouheid en ongodsdienstigheid staan teenoor God, en is 'n poging om onafhanklik van Hom te wees. 'n Hoogmoedige man is sy eie afgod, omdat hy homself aanbid en verwag dat ander dit ook moet doen. Die gierige man maak van sy rykdom 'n afgod; hy het dit lief, vertrou daarop en verwag dat dit hom gelukkig sal maak. Wie singenot verafgod, aanbid gode wat net so vieslik is as wat jy in enige afgodstempel sal teëkom."

Ons opdrag is*: "Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie."* Kolossense 3:2

**Nederigheid**

Ons eerste plig, en die belangrikste behoefte van ons siele, is om God eerste en bó alles te plaas. Die wat God verban uit Sy regmatige plek in hulle lewens, doen hulleself 'n reuse onreg aan. As die Enigste Ware God nie op die troon van jou lewe is nie, sal jy nooit ware en blywende vrede en vreugde belewe nie.

Daar was geen einde aan die rykdom en sukses van die Russiese skrywer, Leo Tolstoy, nie. Hy was wêreldwyd vir sy skryfwerk vereer. En tog het hy, ten spyte van al sy roem en rykdom, ongelukkig en leeg gevoel. Op ‘n dag het hy tydens een van sy omwandelinge in die platteland op ‘n eenvoudige man afgekom, wie se gesig van vreugde, vrede en tevredenheid gestraal het. Tolstoy het later getuig dat hy onmiddelik besef het dat dié man, wat duidelik maar min besit het, die vreugde en vrede beleef het wat in sy eie lewe afwesig was. Tolstoy kon nie die beeld van hierdie gelukkige man uit sy kop kry nie. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die verskil, tussen hom en die arm man, was dat die arm man God geken het, en hy nie. Net daar het sy soeke na Christus begin. Hy het later geskryf: “Om God te ken en te leef is een en dieselfde ding. God is lewe!” Sonder ‘n verhouding met God is ons geestelik dood.

Om nederig voor God te lewe: *“Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?”* Miga 6:8

**Ondersoek Jou Hart**

Ons moet ons harte in die lig van die eerste Gebod ondersoek:

Wie, of wat, kom eerste in jou lewe? Wat is vir jou van die grootste belang? Waaraan spandeer jy die meeste tyd en geld? Waaraan dink jy die meeste? Waaroor raak jy die meeste opgewonde en entoesiasties? As jy na so ‘n self-ondersoek tot die gevolgtrekking kom dat God nie eerste kom in jou lewe nie, dan is dit tyd om jou prioriteite in die lig van die ewigheid te herrangskik. *“En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel”* Hebreërs 9:27. Die dag kom wanneer ons voor God sal staan en rekenskap van ons lewens sal moet gee. Abraham, die vader van die gelowiges, het duidelike bewys dat God sy vernaamste prioriteit was (Génesis 22:1-14).

**Gehoorsaamheid**

Toe Israel aan die Here ontrou was - deur naas Hom ook die afgode van Kanaän te aanbid, het Elia hulle só uitgedaag: *“Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na!”* 1 Konings 18:21

Josua het Israel ook uitgedaag: *“Maar as dit verkeerd is in julle oë om die Here te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode*

*wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die Here dien."* Josua 24:15



Daniël en sy vriende bly 'n wonderlike voorbeeld van wat dit beteken om die eerste Gebod te gehoorsaam. Toe Nebukadnesar 'n afgod van goud laat oprig het en almal beveel het om daarvoor te kniel en dit te aanbid, het Sadrag, Mesag en Abednego volstrek geweier. Op die dreigement dat hulle lewend in die vuur gegooi sou word, was hulle antwoord: *"As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos; maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie."* Daniël 3:17-18

Toe Koning Darius, die Mediër, 'n dekreet uitgevaardig het dat enigiemand wat binne dertig dae enige ánder god as die koning sou aanbid, in die leeukuil gegooi sou word, het Daniël aangehou om slegs die Here te aanbid. En God het hom in die leeukuil bewaar. Dit is soos die apostel Petrus gesê het: *"Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense."* Handelinge 5:29



*"Jy mag nie vir jouself afgode maak nie."* Exodus 20:4

Hoofstuk 2

## Die Tweede Gebod

## AFGODE VAN VERWOESTING

***"Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere. Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen."*** Romeine 1:22-25

In die Bybel is daar meer gebooie en waarskuwings teen afgodery as teen enigiets anders. Afgodery word ook meer veroordeel as enigiets anders. *"Jy mag nie vir jouself afgode maak nie… Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie."* Exodus 20:4-6

*"Begeef julle nie tot die afgode en maak vir julle geen gegote gode nie. Ek is die Here julle God."* Levítikus 19:4.

*Die Apostel Johannes pleit by ons: "My kinders, bewaar julleself van die afgode."* 1 Johannes 5:21

**Veroordeel Afgodery**

Vanselfsprekend verbied die Tweede Gebod ook die afgodery van politeïstiese godsdienste, soos Hindoeïsme. Dit verbied ook die aanbidding van enigiets wat God se soewereine plek in my lewe inneem. Die Apostel Paulus het oor offers aan afgode gesê: *"die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie."* 1 Korinthiërs10:20. Moses het geskryf: *"Israel het... deur vreemde gode sy ywer gewek; deur gruwels Hom geterg."* Deuteronómium 32:16-20

**Bybelse Voorbeelde**

Die Gebod teen afgodery was oortree nog vóór dit op kliptafels ingebrand is. Die Israeliete het - aan die voet van die berg van God - 'n goue kalf gemaak. Hoe kón God se uitverkore volk voor 'n lewelose afbeelding van 'n kalf buig, net nadat hulle getuies was van hoe die Lewende God met die tien plae die afgodery van Egipte aan die kaak gestel het? Hoe kon hulle so ontrou wees aan dié God wat hulle uit slawerny bevry het – die

Een wat hulle tussen walle van water deur die Rooi See gelei het? Hoe kon hulle so laag daal om ‘n afgod te aanbid, nadat hulle in die woestyn met manna uit die hemel gevoed is, water uit die rots gedrink het, en bedags deur die wolkkolom en snags deur die vuurkolom gelei is?

**Vermomde Ongehoorsaamheid**

Toe Moses sy broer daaroor konfronteer, het Aäron se pogings om die vergryp te verskoon nogal baie ooreenkoms getoon met ons eie patetiese pogings om ons ongehoorsaamheid aan die Woord van God te regverdig. Aäron het voorgegee dat die goue kalf sommer vanself vorm aangeneem het, nadat die goud in die vuur gegooi is. En hy het boonop beweer dat die fees voor die goue kalf ter ere van die Here gehou is. (Exodus 32:5). Ná koning Salomo het baie Israeliete hulle aan afgodery skuldig gemaak. Jerobeam het twee goue kalwers opgerig, in Dan en Bet-El. Oor die hele Israel, op baie berge en onder baie bome, is altare opgerig vir die vals gode van die Kanaäniete - Baäl, Asjera, Kronos and Molek. En dit het op oordeel uitgeloop.

God het die Assiriërs gestuur om die Noordelike Ryk van Israel te verwoes en Sy mense in ballingskap te neem. Die Suidelike Ryk is later deur Nebukadneser van Babilon verower. Dit het uiterste swaarkry en slawerny in Babilonië geverg om die harte van God se mense van die besoedeling van afgodery te reinig. Die herstel het begin onder die bediening van groot profete, soos Esegiël en Daniël - en later, ná die terugkeer uit ballingskap, onder Esra en Nehemia, het die mense hulle voorgeneem om nooit weer met afgodery te heul nie.

Christene mag nooit buig voor die afgode van pluralisme, multikulturalisme en die Intergeloof Beweging nie. Jesus Christus is *“die Weg, die Waarheid en die Lewe. Niemand kom na die Vader”* behalwe deur Hom nie. (Johannes 14:6).

**Kuns as ‘n Vorm van Afgodery**

Die Tweede Gebod verbied nie kuns nie. Dit verbied wel afgodery. Op dieselfde dag waarop die Here die Tien Gebooie vir Moses gegee het, het Hy ook gedetailleerde opdragte gegee oor die oprigting van die Tabernakel – insluitende vele visuele kunsvorms. Exodus 25 en 26 beskryf die detail van die Tabernakel: die gordyne, die Verbondsark en selfs die beelde van engele wat oor die Ark waak.

Kuns kan drie dinge bereik – waarvan twee toelaatbaar is. Die derde word deur die Tweede Gebod verbied. Kuns mag vir versiering of onderrig gebruik word, maar nie vir aanbidding nie. Te veel mense het hulle kunstalent misbruik om Christus te skilder soos húlle Hom sien – dikwels as 'n swakkeling, vir wie enigiets gangbaar is.

Of God word voorgestel as 'n tiran, 'n mite of 'n vrug van die verbeelding. Dis 'n afskuwelike misbruik van 'n God-gegewe talent en 'n ander vorm van afgodsdiens – om God te maak soos óns hom graag wil hê, en nie soos die Bybel Sy Natuur en Karakter beskryf nie. God wil hê dat ons gawes aangewend moet word om die mooi van Sy skepping te verbeeld.

Kuns kan aangewend word om te onderrig en in te lig, en dit is volkome aanvaarbaar om prente van Noag, die ark, of die diere te maak. Ook van Moses wat die Rooi See verdeel, Dawid se oorwinning oor Goliat, Elia wat die profete van Baäl op Karmel uitdaag, en vele ander merkwaardige Bybelstories. Wat die Tweede Gebod egter verbied, is om kuns vir aanbidding aan te wend.

God is groter as alles in Sy ganse skepping. God is oneindig, ewig en volmaak. Hierdie gebod behels dat ons aanbidding eenvoudig en geestelik moet wees, sonder enige onnodige menslike foefies en tierlantyntjies. God is Gees, en die wat Hom aanbid moet Hom in Gees en Waarheid aanbid. Ons moet ons harte oopmaak, onsself verootmoedig, ons sonde bely, dankbaar wees vir soveel seëninge en ons altyd in die Here verbly.

**'n Vals Beeld van Christus**

As gevolg van die verbeeldingryke Renaissance-uitbeeldings van 'n Jesus met lang hare, het hierdie beeld vasgesteek – ten spyte daarvan dat die Jode nie normaalweg lang hare gehad het nie. Dis opvallend dat omtrent alle rolprente oor Jesus Hom met lang hare uitbeeld – terwyl Sy dissipels kort hare het! Dis merkwaardig dat Simson, as Nasarener, juis vanweë sy lang hare uitgestaan het. As dit tipies van Hebreërs was, sou dit mos nie 'n uitstaande kenmerk van hom gewees het nie!

**Moderne Afgode**

Kyk 'n mens na die benaming vir baie van vandag se sogenaamde 'stêrre', word dit duidelik waarom die Tweede Gebod so belangrik is. Ons Engelse landgenote noem dinge sommer by die naam: 'sports idols', 'Hollywood idols', 'sex idols', en musikale 'idols'. Sonder twyfel is daar ook mense

wat van hulle geliefde politieke party 'n afgod maak. Wat ons van God dink, is van alle dinge die heel belangrikste.

Aan die manier waarop mense oor God praat, word die afgodery in hulle denke duidelik. Biskop Desmond Tutu was op die voorblad van 'n koerant in Suid-Afrika as volg aangehaal: "My God is nie homofobies nie. Ek sou nooit 'n God kon aanbid wat téén homoseksueles is nie." Hy het selfs so ver gegaan om te sê dat as homoseksueles nie Hemel toe gaan nie, hy ook nie daar wil wees nie!

Mense wat só praat, toon daarmee dat hulle in hul eie gedagtes vir hulle 'n god geskep het. Natuurlik sal húlle god nooit genadeloos of veroordelend wees nie. Hy sou ook nooit iemand hel toe stuur nie - want hy bestaan doodgewoon nie. Dit is net 'n versinsel van hulle eie verbeelding.

**Familie, Roem, Rykdom**

Mense wat so praat, skep vir hulleself 'n god wat hulle pas. Dit is die wese van afgodery. Feit is, die God van die Bybel is nie net 'n God van liefde nie, maar ook 'n God van lig. God is nie net genadig en vergewensgesind nie, maar ook heilig en regverdig.


God is nie net 'n Redder nie, maar Hy is ook die Ewige Regter. Die God van die Bybel, die Enigste Ware God, wat Hemel en aarde geskep het, het Sy Tien Gebooie vir ons gegee. Hy het plae oor Egipte laat kom. Hy het die agtervolgende Egiptiese weermag in die Rooi See laat omkom. Hy het vuur en swael op die goddelose inwoners van Sodom en Gemorra laat neerkom. Die dag is aan die kom, wanneer elkeen van ons voor Sy regterstoel sal staan om van ons lewens rekenskap te gee.

Wat is vir jou die belangrikste? Enigiets wat belangriker is as God, is 'n afgod. Daar is net teveel mense vir wie roem, rykdom, sukses, 'n spoggerige motor of huis, 'n rekenaar, aansien of 'n bepaalde verhouding 'n afgod is. Niks mag vir ons belangriker as God wees nie.

**Ware Berou**

In die Bybel is dit opvallend dat, wanneer God se Woord verkondig is, berouvolle mense daarop reageer met die vernietiging van hulle afgode. Toe die Apostel Paulus die Evangelie in Efese verkondig het, het die mense hulle okkultiese goed verbrand. *"vrees het op hulle almal geval, en die Naam van die Here Jesus is groot gemaak... So het die woord van die Here met krag gegroei en sterk geword."* Handelinge 19:17-20

Ons moet ons bekeer van ons afgodery - in ons harte, denke en lewens. As daar fisieke afgode is, moet ons daarmee breek, dit verbrand en begrawe. *"Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante Woord, wat in staat is om julle siele te red. En word daders van die Woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie."* Jakobus 1:21-22



Daniel was in die leeukuil gegooi oor hy tot God gebid het en nie tot die koning nie.



## Hoofstuk 3

## Die Derde Gebod

## EER DIE NAAM VAN DIE HERE

Woorde is baie belangrik. *"In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God"* Johannes 1:1

God se Ou-Testamentiese volk het, deur die eer wat hulle aan Sy Naam betoon het, groot respek aan Hom betoon. Die skrywers wat die Woord met die hand gekopieër het, moes dit doen aan die hand van 'n hele klomp ingewikkelde reëls, wat hulle in staat gestel het om die Skrifgedeeltes baie versigtig en akkuraat oor te skryf.

Om te verseker dat hulle niks uitgelaat- of bygevoeg het nie, moes hulle die woorde en letters aan die einde van elke sin tel. Elke keer as 'n skrywer by een van God se Name kom – soos Elohim of El-Shaddai - het hulle eers ophou skryf en hul penne neergesit. Dan het hulle 'n nuwe pen gevat en daardie Naam baie versigtig geskryf.

### Om God se Naam te Skryf

Maar, wanneer hulle die Naam *Jaweh* moes skryf - die Naam waarmee God hom in die brandende bos aan Moses bekend gemaak het - het hulle opgestaan, hulself gaan was, en nuwe, skoon klere aangetrek - klere wat spesiaal vir hierdie doel opsy gesit is. Dan moes hulle bid en hulle sondes bely, en daardie Naam met 'n nuwe pen skryf.

Dit word nie meer in ons dag gedoen nie. (Een van ons Sending se beginsels is dat elke woord wat na God verwys, met 'n hoofletter begin, insluitende die persoonlike voornaamwoord wat na Hom verwys, of wanneer ons verwys na die Here, Verlosser, Evangelie, Bybel of Sy Woord.)

### Die Vrees van die Here

Die Bybel leer ons dat *"Die vrees van die Here is die beginsel van die wysheid."* Psalm 111:10. Oënskynlik is daar vandag 'n groot tekort aan wysheid. Wat in die verlede onwettig en ondenkbaar was, word nou op TV, oor die radio, in rolprente, in die media en in tydskrifte aan die groot klok gehang. Ons word met godslastering oordonder. "*… want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie"* Exodus 20:7 .

**Pasop Godslasteraars!**

Ek was tydens my verpligte militêre diens geskok oor die argwaan waarmee soldate die Here se Naam ydelik gebruik het. Nogtans was dit opvallend hoe ongemaklik sommige geraak het, as hulle dit in die teenwoordigheid van ‘n Christen doen.

Hulle het om verskoning gevra, omdat dit Christene gekwets het wanneer God se Naam ydelik gebruik is. Maar ek het hulle daarop gewys dat hulle nie vir my om verskoning moet vra nie, maar die Almagtige God en Regter, voor Wie hulle verantwoording sal doen oor elke ydele woord. Ek was só ontsteld oor die misbruik van God se Naam, dat ek gevra het om die bevelvoerder te sien. In sy kantoor vra hy my toe: “Nou ja, skutter, wat pla jou?”

Ek vra toe: “Is dit teen die wet om die Naam van die Here te misbruik?”

Hy het geantwoord: “Ja, jong man, hoekom vra jy? Word die Here se Naam dan in hierdie eenheid misbruik?”

“Ja meneer. Ek is jammer om te sê, baie korporaals en sersante laster die Naam van die Here daagliks.”

Sy gesig het verdonker. “Ek is jammer om dit te hoor, jong man. Ek sal dadelik daarvan werk maak.” Daarmee is ons gesprek beëindig. Tydens die Vrydag se Battaljon parade, het die Kommandant die eenheid soos volg aangespreek: “Die Here Jesus Christus is die Opperbevelhebber van hierdie weermag. Hy is die Een wat besluit of ons sal lewe of sterwe. Oorwinning of nederlaag is in Sy hande. Julle lewens is in Sy hande. Enige manskap wat die Here se Naam ydelik gebruik, is ‘n verraaier en hy sal as sulks behandel word. Ek sal geen godslastering in hierdie eenheid duld nie!” En hy het ook nie. Sommige offisiere is van godslastering aangekla, en party is van hulle range onthef. Ons het ook gesien hoe God met godslasteraars in ons geledere werk. By een geleentheid het ‘n jong bekeerling ‘n berugte lasteraar bestraf omdat hy weer die Here se Naam ydel gebruik het: “Die Here sal jou straf!”, het hy gewaarsku.

**Tong Gebind**

Die lasteraar het wéér gevloek, sy coke-blikkie opgetel, en is toe op die tong gesteek deur ‘n by wat hy nie gesien het nie. Sy tong het begin opswel, en die res van die peleton kon hulle lag nie bedwing nie. Die vuilbek kon vir dae nie praat nie.

‘n Ander een in ons eenheid is deur een van ons Bybelstudie-groep gewaarsku “God sal jou oordeel, jou hardnekkige!” Kort daarna is dié onderkorporaal se nek so ernstig op ‘n hindernisbaan beseer, dat hy vir weke daarna nog ‘n nekstut moes dra.

Hy is behoorlik bespot deur ander ongelowiges, wat hom voortdurend herinner het aan sy hardnekkigheid, terwyl hulle na hom wys en uitroep: “Hardnekkige!” In Handelinge lees ons hoe God Annanias en Saffira met die dood gestraf het, omdat hulle vir die Heilige Gees gelieg, en God daardeur oneer aangedoen het. *“En ‘n groot vrees het oor die hele gemeente gekom en oor almal wat dit gehoor het.”* Handelinge 5:1-11

**God se Afvalhoop**

Die Westminster Kategismus leer ons dat die mens se vernaamste roeping is om God te verheerlik. As ons Sy Naam belaster, is ons besig om die hele doel van ons bestaan te negeer. As ‘n elektroniese item nie meer werk nie, beland dit op die ashoop. Die Here Jesus het die ewige verdoemenis as Gehenna beskryf, die smeulende afvalhoop van Jerusalem. Net soos die rook van dié hoop afval voortdurend opgestyg het, so het die Here die ewige oordeel as God se afvalhoop beskryf. Die wat God nie verheerlik nie, sal Sy teenwoordigheid in alle ewigheid nooit geniet nie; Hulle sal vir ewig van Hom verwyder wees, op die brandende afvalhoop van die hel.

Wanneer die bestaan van die Lewe-Gewer gering geskat word, word ook die lewens van mense geminag. As God gehoon word, word Sy skepsels waardeloos.

**Aanbid in Jou Werkplek**

Toe die bekende argitek, Sir Christopher Wren, besig was met die bou van St. Paul’s Katedraal in Londen, het hy opdrag gegee dat die volgende kennisgewing oral in die bouterrein aangebring moes word: “As gevolg van die verfoeilike wyse waarop arbeiders die Naam van die Here misbruik, word almal hiermee in kennis gestel dat dit voldoende gronde vir onmiddellike afdanking sal wees, as die Here se Naam in hierdie plek misbruik word.”

**Tevergeefse Bid en Sing**

Miskien sal jy nooit so ver gaan as om die Derde Gebod doelbewus te verbreek nie, maar ‘n mens kan die Here se Naam ook ydel gebruik as jy

op ‘n onnadenkende of meganiese manier bid of lofliedere sing. Om op ‘n koue en ongeraakte manier te aanbid, is ook ‘n verbreking van die Derde Gebod. In die Here se Naam nader ons tot God deur aanbidding, liefde en gebed. Ons mag so ‘n groot Naam nie ligtelik gebruik nie. Bid en loof ons God op só ‘n wyse dat Sy Naam nie in ons siele weerklank vind nie? Ons moet in al ons liedere, gebede en prediking opreg, heelhartig en entoesiasties wees. *“Geveinsdes, tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het: Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.”* Matthéüs 15:7-9

**Wêreldse Aanbidding**

Betekenislose aanbidding is die onvermydelike gevolg van ‘n wêreldse gesindheid. In vele kerke kan mense gesien word wat lui-lekker sit, rondloer, mekaar opsom, vir mekaar fluister, en wat oënskynlik geen poging aanwend om met hart en verstand op die aanbidding van God te fokus nie. Sommige probeer nie eens om die liedere saam sing nie.

En baie bedienaars moedig hierdie halfhartige vermaaklikheids-mentaliteit aan, met hulle oordrewe klem op gemaklike kleredrag, en hulle gebruik van ligsinnige, vlak taalgebruik en onbehoorlike grappe. Dit help nou nie juis om respek en eerbied in ons aanbidding van die Heilige God te kweek nie.

*“... hulle kom na jou toe soos ‘n volk saamstroom en sit voor jou as my volk en hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie; want hulle maak liefdesverklaringe met hulle mond, maar hulle hart gaan agter hulle onregverdige wins aan. En kyk, jy is vir hulle soos ‘n minnelied, soos een skoon van stem, wat goed op die snare speel: hulle hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie. Maar as dit kom—kyk, dit kom! —dan sal hulle weet dat daar ‘n profeet onder hulle gewees het.”* Eségiël 33:31-32

Skynheilige aanbidding is dikwels die gevolg van die weiering om te doen wat die Here beveel. *“En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?”* Lukas 6:46

**Heelhartige Aanbidding**

Om die Here se Naam opreg en betekenisvol te gebruik, verg heelhartige liefde en gehoorsaamheid. Mense wat die Bybel gering skat en die grondliggende leerstellings van die Christendom verwerp, kan onmoontlik

nie ernstig wees wanneer hulle die Here se Naam gebruik nie – want hulle het geen respek vir God se Oppermag nie.


Sulke mense is vir hulleself 'n wet; hulle kies watter dele van God se Woord vir hulle aanvaarbaar is, en vertroebel dit dan met hulle filosofieë en mense se politiek. *"Tevergeefs aanbid hulle My..."*


Die Derde Gebod verbied alle onopregtheid, onnadenkendheid, en oppervlakkige aanbidding. Dit verbied valsheid, opstandigheid en ongehoorsaamheid - vir almal wat sê dat hulle die Here aanbid.

Die positiewe deugde wat deur die Derde Gebod vereis word, is deurdagtheid, opregtheid en heelhartige toewyding aan ons Here en Verlosser.

Die vernaamste doel van die mens is om God te verheerlik en vir ewig te geniet. *"Want uit die oorvloed van die hart praat die mond."* Matthéüs 12:34

Ons moet onthou *"Ons Vader, wat in die hemel is, laat U Naam geheilig word..."*





Op die eerste dag van die week was daar aan die vrouens gesê: *"Hoekom soek julle die lewend tussen die dooies. Hy het opgestaan uit die dode!*"

Hoofstuk 4

# Die Vierde Gebod

## HOU DIE SABBATDAG HEILIG

***"Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig."*** Exodus 20:8-11

Nog nooit in die ganse geskiedenis was só baie mense só besig nie. Geen ánder generasie het so baie arbeids- en tydbesparend uitvindsels besit nie, en tog wil dit lyk of ons geslag een van dié is wat die mees gejaagde en dol geslagte van alle tye is.

'n Mens sou dink dat ons minder gejaagd sou wees en meer vrye tyd op hande sou hê – met al ons gerieflike winkels, elektriese apparate, inry-karwasserye, rekenaars en selfone - maar dis toe nie die geval nie!

**Gespanne en Uitgeput?**

Die mense van ons dag is tog so geneig om elke minuut met oordrewe aktiwiteit vol te wil pak. Navorsing wys dat Westerlinge elke jaar minder en minder tyd deurbring met wederhelftes, kinders, bure, en met God.

In ons materialistiese gejaag na wind is daar 'n onversadigbare drang na méér: meer besittings, mooier huise, beter karre, gewaarborgde vakansies en meer luukses.

Daar is 'n desperate sug om ons leë lewens te vul met geraas en stimulasie: rolprente, DVD's, musiek, tydskrifte, die internet, "Playstation", IPOD's, Mix-it en FaceBook. Ons lewens word oorspoel met 'n tsoenami van stimuli, lawaai en versoekings!

Oor en oor hoor 'n mens die gekla: "Ek is so moeg!" Mense kla voortdurend dat hulle emosioneel uitgeput, fisies afgetakel, en geestelik leeg is. Uitgebrand! Mense is gespanne, moeg en rusteloos.

**Lees die Handleiding**

Wanneer 'n elektriese toestel, 'n kar, of 'n rekenaar nie reg werk nie,

neem ons gewoonlik ons toevlug tot die vervaardiger se handleiding en lees die instruksies. Ons sal wys wees om die Skepper se Handleiding weer te lees. Die antwoord vir die meeste van ons probleme is reeds in Sy Tien Gebooie te vinde – en as ons maar net sal doen wat Hy beveel, sal ons onsself 'n klomp leed spaar.

"*As jy jou voet terughou van die sabbat—om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die Here hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die Here, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die Here het dit gespreek."* Jesaja 58:13-14

Ons het almal 52 weke in 'n jaar, sewe dae in 'n week, en 24 ure in 'n dag. Die vraag is: wat maak jy met die tyd wat God jou gegee het? Gebruik jy dit soos Hy wil hê jy moet? Enigiemand wat die Vierde Gebod oortree, verbeur die oorvloedige seën en verkwikking in die Here.

Groot vreugde volg as ons elke week tyd maak om die Skrif te ondersoek en in gebed op God te fokus, en te aanbid in samehorigheid met ander Christene.

*"Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die Here is wat julle heilig."* Exodus 31:13

**Noem die Sabbat 'n Vreugde**

Wettelose mense haat dalk die Vierde Gebod, wettiese mense mag dit onaangenaam maak, maar 'n toegewyde Christen behoort hom oor die Here se dag te verheug. Die Vierde Gebod is pastoraal en beskermend. Dit is 'n ewige morele wet. Dis 'n skeppingsgawe van God, wat later ook 'n Wet van God geword het. Hierdie dag van rus en vernuwing was tot voordeel van diensknegte, besoekers, en selfs jou diere (Exodus 20:8-11). Hierdie Rusdag is die manier waarop God mense daaraan herinner dat Hy die Skepper en Verlosser is. Om hierdie eerste dag van die week as iets besonders te onderhou, is goed vir liggaam, siel en gees. Ons het tyd nodig vir ontspanning, nadenke en vernuwing. Dis 'n saak van ritme en roetine, maar ook van openbaring en huldiging van God se wonderlike Skeppingswerk (Exodus 20:8-11) en Verlossing (Deuteronómium 5:12-15).

*"... en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom."* Hebreërs 10:24-25

Wanneer ons die Here se dag inrig as 'n besondere dag vir die gesin om te rus en God te aanbid, verkondig ons daarmee aan die wêreld dat Jesus uit die dood opgestaan het en dat Hy die Here van ons lewens is.

Om elke sewende dag te rus, is gesond – geestelik, fisiek en ekonomies. Dis goed vir besigheid, families, en die hele land. God het hierdie gebod tot ons voordeel vir ons gegee, nes al Sy ander Gebooie – nie net vir Christene nie, maar vir die ganse samelewing.

D.L. Moody het gesê: "Geen nasie wat die Sabbat vertrap het, was al ooit voorspoedig nie. Wys my die nasie wat dit doen, en ek wys jou 'n nasie waarin ondergang en verval reeds aanwesig is..."

**'n Heenwysing na die Skepper**

Ons, as Christene, behoort berou te hê omdat ons toegelaat het dat die Here se Dag so ontheilig word deur inkopies doen, sport en wêreldse vermaak.

Voltaire, die Franse rewolusionis, het gesê: "As jy die Christendom tot niet wil maak, skaf die Sondag af." Die sewe-dag week is 'n Ou-Testamentiese instelling, wat deur Christelike invloed uitgebrei het. Dit is 'n kragtige getuienis van die feit dat God die wêreld in ses skeppingsdae geskep, en op die sewende dag gerus het.

Die feit dat die eerste dag van die week, Sondag, ons rusdag is – in plaas van die Joodse Saterdag - is 'n weeklikse herinnering dat Jesus op die eerste dag van die week uit die dood opgestaan het.

**Saterdag of Sondag?**

Volgens sommige onderhou ons nie die ware Sabbatdag, tensy ons dit op 'n Saterdag doen nie. Hulle is meer begaan oor die "wanneer" as oor die "hoekom".

Daar is selfs sommige wat beweer dat dit Keiser Konstantyn is wat in 325 na Christus die Sabbatdag van Saterdag na Sondag verander het. Feit is, die Here se Dag as instelling is na die eerste dag van die week verander deur niemand minder nie as Jesus en die Apostels. Jesus Christus het op

die eerste dag van die week uit die dood opgestaan.

Die Heilige Gees is op Pinksterdag, die eerste dag van die week, uitgestort. Ons lees ook dat die dissipels op die Sondag bymekaar gekom het om die Nagmaal te vier (Handelinge 20:7).

Die Apostel Paulus het die Christene aangesê om hulle offergawes op die eerste dag van die week opsy te sit (1 Korinthiërs 16:2). Die Apostel Johannes het die Openbaring van Christus op die eerste dag van die week ontvang – waarna hy verwys as *"die dag van die Here"* Openbaring 1:10.

**Om op die Here te Fokus**

Die vroeë kerkvaders – nog lank voor Konstantyn – het Christene geleer om die eerste dag van die week as die Dag van die Here te onderhou. Dit sluit in Polikarpus en Barnabas. Justinus die Martelaar het in 150 Na Christus, geskryf: *"Sondag is die dag waarop ons vergader, want Jesus Christus, ons Verlosser het op dié dag uit die dode opgestaan."*

Die Dag van die Here is vir ons 'n geleentheid om tot stilstand te kom, van wêreldse dinge weg te draai, en ons geestelike perspektief te herwin deur op God, Sy Woord en Sy wil te fokus.

*"En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek..."* Handelinge 20:7. Op die Here se Dag is rus van kritieke belang vir ons geestelike welsyn, en dit is 'n belangrike deel van ons Christelike getuienis. Ons het die opdrag om die Sabbat te onthou en te onderhou. Die Hebreeuse woord vir 'onthou' (NLV) beteken méér as om dit bloot in stand te hou; dis ook om 'n afspraak na te kom.

**Ons Afspraak met God**

Van James Garfield, wat later President van die VSA geword het, word die volgende vertel: Op 'n stadium nadat hy aangewys is as die president van 'n groot korporasie, is hy ingelig oor 'n belangrike vergadering op die volgende dag. Sy reaksie was: "Ek is jammer, ek kan nie daar wees nie." Sy ondersteuners het benadruk dat dit 'n baie belangrike saak was, maar Garfield het net sy kop geskud en gesê: "Ek is jammer, maar ek het reeds 'n afspraak. Ek sal dit nie maak nie." Op hulle aandrang dat geen afspraak belangriker as hierdie een kon wees nie, het hy verduidelik: "Ek het om 10:30 'n afspraak met die Here God Almagtig, in Sy huis, aan Sy tafel, en ek sál daar wees."

**'n Noodsaaklike Verposing**

Daar is al dikwels gesê: "soos dit met die Sabbat gaan, so gaan dit met die nasie." Baie mense sal wonder hoekom 'n rusdag só belangrik is. Nou ja, die Here se dag skep die bewuswording dat God, Sy weë, en Sy wette vir ons almal van die allergrootste belang is.

Eric Liddell, die befaamde wenner van 'n Olimpiese goue medalje – oor wie se weiering om op die Sondag aan die eindronde deel te neem, die rolprent 'Chariots of Fire' handel - het gesê: "Daar is vandag baie mense wat dink dat dié wat die Sondag op die tradisionele manier onderhou, eintlik maar pretbederwers is. Hulle voel dat hulle in hul jeug die kans moet hê om uit te skiet. Gee my maar die Dag van Rus, waarop al die smake van georganiseerde sport opsy gesit kan word, en al die vreugdes van die lewe juis daarom groter sal wees. Vir my is dit 'n tyd om in God se teenwoordigheid te wees – 'n tyd van stil wees, van ontspanning en saamwees met God. Ek glo dat Sondag, soos ons dit in die verlede gehou het, vir 'n jong man van die grootste waarde kan wees om al wat edel, waar en uitnemend is, uit te leef."

Hy het toe 'n Olimpiese goue medalje gewen in 'n wedloop waarvoor hy nie spesifiek geoefen het nie, en later het hy 'n suksesvolle sendeling in China geword, en manmoedig in 'n Japanese konsentrasiekamp gesterf tydens die Tweede Wêreldoorlog.

**Die Sabbat is 'n Getuienis**

Wanneer ons op 'n Sondag opstaan, aantrek en die erediens gaan bywoon, word ons deel van honderde miljoene mense oor die wêreld heen, wat getuig oor die feit dat Jesus Christus uit die dood opgestaan het. Niks is 'n beter getuienis van die oorgang van die Joodse Sabbat na die Christelike Dag van die Here op die eerste dag van die week nie. Niks ánders as die oorwinnende Opstanding van Jesus Christus uit die dode, kan die unieke instelling van die Sondag as Rusdag beter verstaanbaar maak nie.

**Dade Van Genade/Noodsaak**

Natuurlik het ons Here Jesus Christus ons geleer dat dit goed en reg is om op die Sabbat dade van genade en noodsaak te doen (Matthéüs 12:11-12). Christene het dit nog altyd so verstaan. Daar is noodsaaklike dienste, soos dié van brandbestryders, paramedici, dokters, verpleegsters en die polisie, wat verrig móét word. Die punt is, die Here se Dag moet 'n besondere Dag wees – 'n Dag sonder enige kommersiële aktiwiteit. Ons moet alles in ons vermoë doen om te verseker dat die minimum getal mense nodig is om op


Sondae te werk. Baie Christene het hulle werk verloor, of kon nie werk kry nie, omdat hulle in beginsel weier om op Sondae te werk.

Niemand moet deur wetgewing gedwing word om op Sondae kerk toe te gaan nie, maar dit sou gewens wees vir regerings om wetgewing te promulgeer wat mense vrystel van kommersiële verpligtinge op 'n Sondag. Die Sondag is 'n dag vir geestelike groei, 'n dag wat ons help om ons prioriteite te bekragtig en ons gehoorsaamheid aan die Here te demonstreer. Dit is 'n dramatiese en beduidende dag van getuienis, wat help om ons toewyding aan die Here te demonstreer en wat die opregtheid van gelowiges aan hulle bure, familie en twyfelende kinders sigbaar maak. Gehoorsaamheid spreek baie duideliker as woorde.

Om die Here se Dag gering te ag, bring 'n hele klomp ander sondes aan die lig, soos die gebrek aan toewyding, ongeestelike prioriteite, die afskeep van stiltetye, en onwilligheid om by praktiese Christelike dienslewering betrokke te raak. Die Here se Dag vestig in gelowiges die regte houding met betrekking tot al die bogenoemde.

Die wat die Here se Dag eerbiedig, sal langer leef, gelukkiger wees, beter gesondheid geniet, en hulle verhouding met die Here sal geweldig verdiep en versterk word.

Jesus nooi ons uit: *"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee."* Matthéüs 11:28.



*"Saul, Saul! Waarom vervolg jy My?"*

Hoofstuk 5

## Die Vyfde Gebod

## EER JOU OUERS

Die eerste vier gebooie gaan oor ons verpligting teenoor God, terwyl die laaste ses te make het met ons verpligtinge teenoor mense. In antwoord op die vraag wat die grootste gebod is, het ons Here Jesus Christus die twee tafels van die Wet soos volg opgesom: *"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete."* Matthéüs 22:36-40.

### Behandel Jou Ouers Goed

Die Bybel stel dit duidelik dat ons sal oes wat ons saai, en dat ons gemeet sal word met die maat waarmee ons ander meet.

Die manier waarop ons ons ouers en meerderes behandel (ongeag daarvan of jy 'n kind, tiener of volwassene is) skep 'n patroon van hoe ons kinders óns gaan behandel. In Grimm se Feeverhale word die storie vertel van 'n ou man wie se oë voortdurend geflikker, en wie se hande onbeheerbaar gebewe het. Omdat hy geen blyplek gehad het nie, het hy by sy seun ingetrek. Sy skoondogter kon dit nie verdra dat hy aan tafel aanhoudend die eetgerei laat ratel, en drankies verspil nie. In haar woede en ergernis het sy daarop aangedring dat hy op sy eie in die hoekie moet eet, nie by die familie nie.

### Om te Maai wat Jy Saai

Hy het op sy eie begin eet, terwyl hy soms geloer het na die tafel waar sy familie sit. Tot op 'n dag wat sy hande só gebewe het, dat hy sy bord op die vloer laat val, en sy kos het op die mat beland het.

Die skoondogter het geskree: "As jy soos 'n vark wil eet, sal ons jou soos 'n vark voer!" Sy het 'n hout trog op die grond neergesit en hom aangesê om soos 'n dier uit die trog te eet. Hy het toe ook maar! 'n Paar dae later kom die vrou se jong seun opgewonde by die huis. Hy wou vir haar wys wat hy gemaak het: "Kyk mamma, ek het 'n trog gemaak, om jou en pappa uit te voer wanneer ek groot is."

**Verwaarloos die Oues van Dae**

Die vrou het in trane uitgebars toe sy besef watse aaklige ding sy aangevang het. Van toe af het die ou man sy maaltye saam met die familie aan tafel geëet, en die skoondogter het alles in haar vermoë gedoen om te probeer vergoed vir die onmenslike behandeling van haar skoonpa.

Daar is vandag 'n opsigtelike gebrek aan respek vir die oues van dae. In busse staan tieners nie meer op om vir ouer mense sitplekke aan te bied nie. Volwassenes wys al te gou hulle frustrasie as hulle tydens inkopies agter bejaardes in die tou moet staan, en baie kinders het weinig waardering vir die wysheid van hulle grootouers.

Wat selfs erger is, is dat so baie Christen-gesinne hulle bejaarde ouers in ouetehuise laat verwaarloos. Christene behoort 'n voorbeeld te wees van sorgsaamheid vir diegene in nood, en behoort tyd te spandeer aan die oues van dae. God heg waarde aan die wysheid van die grysheid, en ons behoort dit ook te doen (Spreuke 16:31). *"Luister na jou vader wat jou verwek het, en verag jou moeder nie as sy oud geword het nie."* Spreuke 23:22

**Vyf Kategorieë van Ouers**

In sy uiteensetting van die Vyfde Gebod verwoord Thomas Watson die ou Puriteinse tradisie, deur te onderskei tussen vyf kategorieë van vaderskap wat ons moet respekteer: Politieke vaders, antieke vaders, geestelike vaders, plaaslike vaders en natuurlike vaders.

1. Met 'politieke vaders' het hy bedoel: konings en prinse, goewerneurs en burgemeesters, munisipale-, provinsiale- en nasionale leiers.

2. Met 'antieke vaders' het hy bedoel: ons vaders in die Geloof, in sowel Bybelse tye as in die geskiedenis van die Kerk. (Dit sluit in Noag, Abraham, Isak, Jakob, Moses, Dawid, Elia, die profete en apostels; die vroeë kerkvaders, die sendelinge, bedienaars en die hervormers.)

3. Met 'geestelike vaders' het hy bedoel: die bedienaars, leraars of leiers aan wie ons verantwoording moet doen.

4. Met 'plaaslike vaders' het hy bedoel: ons werkgewers, ons onderwysers of ons baas.

5. En met 'natuurlike vaders' bedoel hy natuurlik ons eie ouers en grootouers.

*"Vir die grys hare moet jy opstaan, en die persoon van 'n grysaard eer; en jy moet jou God vrees. Ek is die Here."* Levítikus 19:32

**Wat van Slegte Ouers?**

Sommige mense kan dalk sê: "Hierdie Gebod is tog sekerlik nie op my van toepassing nie. My ouers was aaklig en het my as kind vreeslik misbruik... God verwag tog sekerlik nie van my om bose ouers te eerbiedig nie?

Om die waarheid te sê, ja, God verwag wel van ons om ons ouers te eer - ongeag van hoe verwerplik hulle optrede ookal was. Genesis 8-9 is 'n goeie voorbeeld daarvan. Kort ná die Vloed het Noag 'n wingerd aangelê. Toe die druiwe ryp was, het hy wyn gemaak en só dronk geword, dat hy in sy tent flou geraak het. Hy was in 'n skandelike toestand, toe Gam - een van sy seuns - hom daar aangetref het. Gam het dadelik die ander twee broers daarvan vertel. Maar Sem en Jafet het hulle respek bewys deur die naakte Noag met 'n kombers te bedek, sonder om na sy naaktheid te kyk.

Die Skrif wys ons daarop dat Gam en sy nageslag vervloek is, omdat hy geweier het om sy pa te eerbiedig, selfs al was Noag se optrede onverskoonbaar. Sem en Jafet en hulle nageslagte, daarenteen, was deur God geseën oor die wyse waarop hulle hul pa eerbiedig het. Ons behoort ook ons ouers te eerbiedig, omdat ons weet dat dit God behaag.

**Eer die Owerheid**

Ouers moet hulle kinders leer om alle wettige gesag te eerbiedig, beginnende by hulle eie ouers. Die welsyn van individuele gesinne berus op gehoorsaamheid aan die Vyfde Gebod. Maar dit gaan ook oor veel meer: Die wat nooit leer om hulle ouers tuis te respekteer nie, sal waarskynlik ook nie hulle onderwysers by die skool respekteer nie, en as volwassenes, sal hulle waarskynlik ook nie die gereg respekteer nie.

Hierdie gebod beveel ons nie om ons ouers altyd te gehoorsaam nie, maar wel om hulle altyd te eer. Dit het te make met jou stemtoon en die ingesteldheid van jou hart, wat duidelik jou respek moet weerspieël.

Die Bybel waarsku dat oordeel dié sal tref wat hulle ouers nie eer nie - *"Die oë van die man wat met sy vader spot en vir wie dit benede hom is om sy moeder te gehoorsaam, sal uitgepik word deur die kraaie, opgevreet word deur die roofvoëls."* Spreuke 30:17.

**Eerbiedig of Gehoorsaam?**

Om jou ouers te eerbiedig (veral onredelike, ongelowige ouers) behels

nie om toe te gee aan al hulle planne om hulle kinders van toewyding aan God te weerhou nie. As ouers oormatig besitlik, of oordonderend en dominerend is, staan hulle kinders nie onder enige verpligting om oormatige tyd en energie aan hulle voorskrifte en manipulering af te staan nie.

Ons vernaamste verantwoordelikheid is om ons Hemelse Vader, die Here ons Skepper en Regter, te vereer. Ons verantwoordelikheid om ons ouers te eer, kom tweede – ná ons plig teenoor ons God.

**Beskerming en Stabiliteit**

Die Vyfde Gebod beskerm alle mense teen hoogmoed en arrogansie - deur die opdrag om aan ouer mense respek te betoon, en deur die jeug daarvan te weerhou om te maak nes hulle wil. Die Vyfde Gebod bied beskerming teen die onstabiliteit van die jeug en die selfsug van volwassenheid. Dit verskaf stabiliteit deur ons teen impulsiwiteit, voortvarendheid en onervarenheid te beskerm. Gehoorsaamheid aan hierdie Gebod is die hoofpad na seën.

*"... Heilig moet julle wees, want Ek, die Here julle God, is heilig. Elkeen moet sy moeder en sy vader vrees, en my Sabbatte hou."* Levítikus 19:1-3



*"Hierdie ses dinge haat die Here ... hande wat onskuldige bloed vergiet."* Spreuke 6:17

## Hoofstuk 6

## Die Sesde Gebod

## JY MAG NIE MOORD PLEEG NIE

Die meeste mense dink hulle het nog nooit die Sesde Gebod oortree nie. Hulle sien moord as 'n misdaad wat net deur 'n klein minderheid gepleeg word. Maar, soos wat Christus in die Bergpredikasie gesê het, is selfs haat 'n oortreding van hierdie gebod.

Om die waarheid te sê, as 'n mens besef wat die volle implikasies van die Sesde Gebod is en hoeveel oortredinge dit in werklikheid aanspreek, is dit baie van toepassing op ons moorddadige tydsgewrig. *"Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na Sy beeld gemaak."* Génesis 9:6

**Baie Maniere om Moord te Pleeg**
Daar is baie maniere waarop die sesde Gebod oortree word:

1. Moord kan met die hande gepleeg word. *"Hierdie ses dinge haat die Here, en sewe is vir Sy siel 'n gruwel: trotse oë, 'n leuenagtige tong en hande wat onskuldige bloed vergiet."* Spreuke 6:16-17

2. Jy kan ook met jou gedagtes moord pleeg. Haatdraendheid is geestelike moord. (Matthéüs 5:22) "*Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie."* 1 Johannes 3:15

3. Ons kan ook met die tong moord pleeg. *"Net so is die tong ook 'n klein lid en beroem hom op groot dinge - kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand."* Jakobus 3:5

4. Ons kan ook met die pen moord pleeg. Dawid het Urija tot die dood veroordeel deur aan Joab, sy bevelvoerder, te skryf: *"Sit Uría op die voorpunt van die hewigste geveg; trek julle dan agter hom terug, dat hy in die slag kan sneuwel."* 2 Samuel 11:15

5. Ons maak ons skuldig aan die oortreding van die sesde Gebod wanneer ons saamstem met die moord op 'n onskuldige mens. Saulus het saamgestem met die steniging van Stefanus, die diaken. Hy het later toegegee dat dit van hom 'n moordenaar gemaak het (Handelinge 22:4).

6. Ons pleeg moord wanneer ons nie ander verdedig, as dit in ons mag is om dit te doen nie. *"Red die wat na die dood gesleep word, en die wat na die slagbank wankel, hou hulle tog terug! As jy sê: Kyk, ons het dit nie geweet nie! —sal Hy wat die harte toets, dit nie merk nie? En Hy wat let op jou siel, Hy kom dit te wete. En Hy vergeld die mens na sy werk."* Spreuke 24:11-12

7. Iemand wat deel is van 'n sameswering om 'n ander se lewe te verwoes, is ook aan moord skuldig. *"As die sondaars jou wil verlei, moet jy nie inwillig nie; as hulle sê: Gaan saam met ons, laat ons loer op bloed, laat ons die onskuldige voorlê sonder oorsaak, laat ons hulle lewendig verslind soos die doderyk en die gesondes soos die wat in die kuil neerdaal; allerhande kosbare goed sal ons vind, ons huise sal ons vol maak met buit; jy sal jou lot onder ons werp, ons sal almal een beurs hê — my seun, gaan nie met hulle saam op die weg nie, hou jou voet terug van hulle pad..."* Spreuke 1:10-15

8. Om na te laat om moordenaars te straf, is ook 'n oortreding van die sesde Gebod. *"En julle mag die land nie ontheilig waar julle in is nie; want die bloed ontheilig die land, en vir die land word geen versoening gedoen vir die bloed wat daarin vergiet is nie, as net deur die bloed van hom wat dit vergiet het."* Númeri 35:33

*"Hy wat 'n mens slaan, dat hy sterwe, moet sekerlik gedood word... Maar as iemand moedswillig... met lis dood te maak, moet jy hom van my altaar af wegneem, om te sterwe."* Exodus 21:12-16

In die Bybel is dit baie duidelik waarom God die owerheid aanstel: *"Hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf."* Romeine 13:4. Die regering het die opdrag van God om *"wel kwaaddoeners te straf."* 1 Petrus 2:14

Die vernaamste taak en verantwoordelikheid van 'n regering, is om wetsgehoorsame burgers te beskerm en wetsoortreders te straf. Psalm 101 herinner ons daaraan dat dit die plig is van regeerders wat op God vertrou, om die goddeloses uit te roei, boosheid te bekamp en dié wat die wet gehoorsaam, te beskerm.

Die Bybel stel dit baie duidelik: *"Omdat die oordeel oor 'n verkeerde daad nie gou voltrek word nie, daarom is die hart van die mensekinders*

*in hulle vol om kwaad te doen"* Prediker 8:11. Elke jaar word daar 20,000 mense in Suid-Afrika vermoor. Boonop word 80,000 babas geaborteer. En dit is nie slegs dié wat direk by hierdie misdrywe betrokke is, wat hulle skuldig maak aan die verbreking van die sesde Gebod nie.

Die skuld lê ook by die politici wat die doodstraf afgeskaf het - vir moord, maar wat toe die doodstraf vir babas ingestel het - deur die wettiging van aborsie.

Onder diegene wat hulle ook aan medepligtigheid skuldig maak – voor, gedurende en ná die tyd – is die joernaliste wat aborsie bevorder en die ware feite verdoesel, om te verseker dat die slagting onder ongebore babas voortgaan. Geestelike leiers wat versuim om aan te toon wat die Woord sê oor wanneer menslike lewe begin, en wat op dié manier hulle plig versuim deur nie te praat vir dié wat nog nie vir hulleself kan praat nie, is ook medepligtig aan moord. En so is almal ook medepligtig, wat stem vir partye wat ten gunste is van aborsie.

*"Maak jou mond oop vir die stomme, vir die regsaak van almal wat wegkwyn. Maak jou mond oop, oordeel regverdig, en verskaf reg aan die ellendige en die behoeftige."* Spreuke 31:8-9

**Ons is Almal Bloedverwante van 'n Moordenaar**

Baie mense spandeer baie tyd om hulle stamboom na te vors – hulle boer op die Internet, en krap in boeke en argiewe rond op soek na die familie se geskiedenis. Dis nogal 'n lekker verrassing as 'n mens iewers in die stamboom afkom op 'n familielid van aansien. Dis bemoedigend om iemand teë te kom, wie se lewe en prestasies vir die nageslag 'n positiewe nalatenskap is.

Aan die ander kant het die meeste families in hulle argiewe mense van wie hulle liewer nie wil weet nie – familielede wat nie 'n mooi verlede gehad het nie, onder wie selfs diewe, seerowers en moordenaars. Van een ding kan ons almal seker wees; ons het almal ten minste een voorsaat wat 'n moordenaar was. Om die waarheid te sê, hy was die eerste moordenaar. Die heel eerste mens wat op aarde gebore is, Kain, het sy broer Abel vermoor. Die een wat tweede gebore is, Abel, was die eerste slagoffer van moord.

**Die Aanvegbare Saak van die Doodstraf**

Deur gehoor te gee aan God se Wet en moordenaars die doodstraf op te lê, kan 'n nasie homself kwytskel van die vergieting van onskuldige bloed. Aan die ander kant is dit ook so, dat die nasie wat weier om die dood van onskuldige mense te wreek, deel het aan die moordenaar se skuld (Deuteronómium 21:1-9).

Nietemin word voorstanders van die doodstraf deur voorstanders van aborsie daarvan beskuldig dat hulle nie konsekwent is nie. Ek word dikwels gevra hoe ek die doodstraf kan steun as ek ook Pro-lewe is? Die antwoord is eenvoudig: wees konsekwent! Op die vraag: "Glo jy aan aborsie?" sal 'n voorstander van aborsie sonder twyfel antwoord: "Ja, natuurlik, ons is Pro-keuse."

Dan word die vraag: "Glo jy aan die doodstraf vir moordenaars?"

"Nee! Beslis nie!" Waarop die antwoord dan is: "Dis duidelik dat die verskil tussen ons heel eenvoudig is: Ons glo dat die onskuldige se reg op lewe beskerm moet word, deur geregtelike doodslag van skuldige moordenaars. Daarteenoor glo jy in die doodmaak van babas, maar terselfdertyd in die beskerming van die lewe van mense wat aan moord skuldig is." Die Bybel stel dit baie duidelik: *"die Here haat... hande wat onskuldige bloed vergiet"* Spreuke 6:17 en *"Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg"* Jesaja 5:20.

Aborsie is die moderne weergawe van kinder-offerandes. Net soos God se mense die Farao se dekreet om pasgebore seuntjies in Egipte te vermoor, teengestaan het (Exodus 1:15-22), so moet ons vandag ook ongebore babas teen aborsie beskerm. Net soos Koning Herodus die babas in Betlehem wou uitmoor (Matthéüs 2:16), so poog aborsie-voorstanders dieselfde – dit word net ánders verpak, nl. as 'n saak van 'menseregte'.

Die onskendbaarheid van menslike lewe is 'n ononderhandelbare deel van die Christelike geloof. Die Bybel stel dit duidelik dat lewe by konsepsie begin (Psalm 139:13-16; Jesaja 44:2; Jeremia 1:5; Lukas 1:41). Die babatjie se hartklop kan al drie weke na konsepsie waargeneem word. Ses weke na konsepsie het die babatjie reeds 'n eie, lewenslange breingolf.


As die afwesigheid van 'n breingolf beskou word as 'n teken dat iemand dood is, waarom word die aanwesigheid daarvan dan nie as bevéstiging van lewe aanvaar nie? Geboorte is nie die magiese punt wat 'n nog-

nie-mens ‘n persoon maak nie. Geboorte is eerder die verandering van omgewing - vir ‘n lewe wat maande vroeër reeds begin het.

**Om Jou Naaste Lief te Hê**
Elke aborsie bring ‘n hart wat klop tot stilstand. Elke aborsie vernietig breingolwe. As ons nie opstaan en ‘n einde maak aan aborsies nie, het ons skuld aan die bloed van onskuldige babas op ons rekening (Eségiël 33:1-6). As Christene moet ons ons naaste liefhê – insluitende ons ongebore naaste. As Christene moet ons die sondes vermy wat deur die sesde Gebod verbied word, deur ons te distansieer van selfmoord, genadedood, aborsie en moord. Maar ons moet ook probeer om die positiewe kant van die Sesde Gebod na te kom. Ons moet werktuie van geestelike lewe word, deur die Woord van God te verkondig, Sy getuies te wees en mense by die Kruis uit te bring. Die teenoorgestelde van moord, is liefde vir jou bure en die vreemdeling, en selfs om jou vyande lief te hê en aan hulle fisieke en geestelike behoeftes aandag te gee.

**Die Ergste Moord Ooit**
Dis nodig dat ons ook besin oor die verfoeilikste moord wat ooit gepleeg is. Op die kruis van Golgota het die mensdom se sonde uitgeloop op die moord van die onskuldigste slagoffer van alle tye: God se eie Seun, Jesus Christus. Hy het Homself uit vrye wil oorgegee en het die slagoffer van hierdie reuse vergryp teen geregtigheid geword, sodat óns – die mense wat vir sy lyding en dood verantwoordelik is – ewige lewe en vreugde kan vind.

As jy ‘n wedergebore Christen is, het jy ewige lewe omdat Hy vir jou gesterf het, en is dit jou voorreg om ander na die Verlosser te lei. Wat ‘n voorreg!



*"Jou broer se bloed roep My vanuit die grond."*

Hoofstuk 7

# Die Sewende Gebod

## JY MAG NIE EGBREUK PLEEG NIE

Almal behoort na *Doctors for Life* se dokumentêre DVD '*In Your Face'* te kyk. Dit gaan nie net oor MIV/VIGS nie. Daar is meer as 65 verskillende seksueel-oordraagbare siektes, waarvan baie ongeneeslik is, met simptome wat ek liewer nie eens wil beskryf nie.

Dis voldoende om te sê dat diegene wat hulle laat wysmaak dat homoseksualiteit 'n normale, gesonde, alternatiewe lewensstyl is, omtrent die helfte van hulle leeftyd prysgee. Die lewensduur van normale, getroude heteroseksuele mense is twee maal langer as dié van die gemiddelde homoseksueel.

**Historiese Feite**

Die geskiedenis getuig dat sterk beskawings verrys en voorspoedig word, omdat hulle op streng dissipline, selfbeheersing en sterk gesinne gebou is. Maar, wanneer sulke samelewings in seksuele losbandigheid verval, gaan produktiwiteit agteruit, begin dinge ontrafel en stort hulle in duie.

Historici het 26 beskawings individueel bestudeer (die Egiptiese, Assiriese, Babiloniese, die Mediërs en die Perse, Grieke en Romeine, ens.). Daar was geen uitsondering op die patroon nie. Geen samelewing kan lank oorleef sónder streng wette, sterk gesinne en konsekwente selfdissipline nie. Seksuele immoraliteit, wat die samelewing besmet, lui vir enige nasie die doodsklok.

**Die Huwelik is Eerbaar**

Die sogenaamde "vrye seks" is allesbehalwe vry. Die dure prys daarvan sluit in: seksueel-oordraagbare siektes, VIGS, gebroke gesinne, gebroke lewens, misdaad-besmette samelewings, en die ineenstorting van die samelewing self.

*"...vanweë die hoererye moet elke man sy eie vrou hê, en elke vrou moet haar eie man hê."* 1 Korinthiërs 7:2. God het die huwelik ingestel (Génesis 2:22). Hy het man en vrou in die huwelik aan mekaar verbind. Deur Sy teenwoordigheid by die huwelik in Kanaän het ons Here die huwelik met Sy teenwoordigheid vereer, en daar ook Sy eerste openbare wonderwerk verrig (Johannes 2:1-11).

*"Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees."* Hebreërs 13:4. Die huwelik is 'n tipe van die mistieke eenheid tussen Christus en Sy Kerk. *"Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word. Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente."* Effesiërs 5:31-32

Die Sewende Gebod is beskermend. Dit kan ons daarvan red om in 'n wêreld vol ellende en trauma te verval. Dit kan ons daarvan weerhou om kosbare geleenthede weg te smyt, om noodsaaklike vriendskappe te vernietig, om die spoor byster te raak en ons lewens te verwoes. Die Sewende Gebod is gemaak om ons binne die grense van getrouheid en reinheid te beveilig.

**Om die Slagyster van Begeerte te Vermy**

*"Want die gebod is 'n lamp en die onderwysing 'n lig en die teregwysinge van die tug 'n weg tot die lewe, om jou te bewaar vir 'n slegte vrou, vir die gevlei van 'n vreemde tong. Begeer haar skoonheid nie in jou hart nie, en laat sy jou nie vang met haar ooglede nie; want vir 'n hoer verval 'n mens tot 'n stuk brood, en 'n ander se vrou maak jag op 'n kosbare lewe. Kan iemand vuur in sy skoot dra sonder dat sy klere verbrand? Of kan iemand op gloeiende kole loop sonder dat sy voete brandwonde kry?"* Spreuke 6:23-28

**Moenie Jou Laat Verlei Nie**

*"Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie."* 1 Korinthiërs 6:9-10

Simson is 'n goeie voorbeeld van 'n man van God wat deur sy eie wellus verlei is. Sy reuse potensiaal is vermors deur sy gebrek aan selfbeheersing. Simson het 'n oog gehad vir 'n mooi vrou. Hy het graag gekyk. Sy dwalende oë het hom in die moeilikheid laat beland met prostitute. Sy swakheid vir vroue het sy leierskap ondermyn, op 'n tydstip wat sy eie mense 'n reuse krisis beleef het.

Toe vang sy oog die vrou wat hom uiteindelik vernietig het. Haar naam – Delila – het sedertdien sinoniem geraak met skoonheid en verraad. Deur haar liggaam en haar kop te gebruik, het Delila vir Simson 'n lokval

gestel. Hoe meer Simson die slaaf geword het van haar skoonheid en sy eie wellus, hoe meer het hy onderskeidingsvermoë en selfbeheersing ingeboet.

Uiteindelik het hy al sy krag prys gegee en was hy magteloos om weerstand te bied. Hy het te laat besef dat hy sy vryheid verbeur het. Simson het ontdek dat sonde verblind en vernietig.

**Sonde Bind en Verblind Ons**

Simson het nooit sy potensiaal verwesenlik nie, omdat hy verseg het om gedissiplineerd te lewe. Die tekortkominge aan sy karakter en sy sonde het effektiewe leierskap ondermyn. Die ganse Israel het daaronder gely. Simson het sy potensiaal op los vroue vermors, sy ouers oneer aangedoen, sy krag ondermyn, sy roeping oneer aangedoen en sy potensiaal laat verdamp. Simson het homself willens en wetens aan die vyand blootgestel, met 'n selfvertroue wat aan roekeloos en onverskillig grens.

**Ons Oes wat Ons Saai**

Simson het krag gehad sonder reinheid, krag sonder selfbeheersing, en omdat heiligheid nie deel van sy lewe was nie, was hy gedoem om te misluk. Terwyl hy teenoor mans sterk was, was hy teenoor vroue swak. Hy kon 'n leeu doodmaak, maar nie sy eie luste bedwing nie. Hy kon die boeie van die vyand verbreek, maar nie sy eie, selfvernietigende geneigdheid nie. Die tragiese verhaal van Simson in Rigters 14-16 leer ons dat hoerery lei tot blindheid, slawerny en die dood.

*"Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai."* Galasiërs 6:7-8

Simson het gedoen wat reg was in sy eie oë, en sy oë is uitgesteek. Hy het die luste van sy oë gevolg, en hulle verloor. Hy het 'n prostituut in Gasa besoek, en as 'n gevangene geëindig. Hy het Filistynse vroue opgesoek en toe in hulle diens gestaan.

Hy het verseg om homself te dissiplineer, en toe word hy 'n krygsgevangene en 'n slaaf van sy vyande. Die tragiese verhaal van Simson behoort vir almal van ons 'n goeie les en waarskuwing te wees. *"Hoogmoed kom voor die val."* Spreuke 16:18

**Verwoestend en Vernietigend**

Soos in die geval van Simson, so sal enige pastoor vir jou kan sê dat in vele gevalle waarvan hy kan getuig, owerspel nie net op die owerspeliges 'n verwoestende uitwerking het nie, maar dit het ook 'n vernietigende uitwerking op die betrokke gesinne. Ontrouheid vernietig verhoudinge en families. *"Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie."* 1 Korinthiërs 10:12

Egpare moet mekaar heelhartig liefhê, die Here gereeld vir mekaar dank, vir mekaar bid en alles doen wat moontlik is om mekaar te versterk en te dien. In die Bybel word eerbied, agting, respek, sagmoedigheid, beleefdheid, en aangetrokkenheid by die huweliksliefde ingesluit, en dit moet gekoester, waardeer, en beskerm word. As ons aan ons plegtige beloftes getrou bly, sal ons beskerm word op God se pad van seëninge, ons bruikbaarheid in ons bediening sal verhoog en uitloop op groot vreugde in ons gesinne en God se Koninkryk.

Ons is geroep om aan die Here, en ons man of vrou met wie ons 'n verbond gemaak het, getrou te wees. Ons moet ook getrou bly in alle ander verhoudinge waartoe God ons geroep het. Getrouheid moet alle Christene kenmerk.

**Vermy 'n Ongelyke Juk**

Geen uiteensetting van die sewende Gebod is volledig, sonder om ook die waarskuwing teen 'n ongelyke juk ter sprake te bring nie.

Die Moabitiese vroue het baie Israelitiese mans tot seksuele immoraliteit verlei. Een so 'n man, Simri, het die Moabitiese vrou, Kosbi, openlik in sy tent ingebring. Die Skrif openbaar dat dié voorval die Here se afkeur soos 'n vuur laat ontbrand het, en 'n vernietigende plaag het die gemeenskap getref. Maar een Israeliet, Pinehas, het die moed gehad om teenstand te bied teen die afbrekende boosheid, wat besig was om sy mense te vernietig (Númeri 25).

Vandag is daar baie mans, Christene ingesluit, wat immorele vrouens in hulle huise toelaat, deur middel van DVDs, DSTV, M-Net, MMS en die Internet. Die epidemie van seksueel-oordraagbare siektes getuig duidelik van die toenemende immoraliteit van ons dag. Ons het meer mense soos Pinehas nodig. Maak skoon jou kas. Skeur jou pornografiese foto's, tydskrifte en boeke op. Vernietig die aanstootlike video's en DVDs.

Kanselleer daardie satelliet-kanaal met die "volwasse" films. Praat met jou lokale winkelbestuurder wat hedendaagse Moabiete bemark. Mobiliseer ander kerklidmate om julle gemeenskap te help reinig. *"... as vrymense en nie asof julle die vryheid het as 'n dekmantel vir die boosheid nie, maar as diensknegte van God."* 1 Petrus 2:16

*"Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom."* Kolossense 3:5-6

Om te trou verg wysheid en gebed. Ek het al te veel in my bediening as sendeling die rampspoedige en tragiese gevolge gesien van Christene wat met ongelowiges getrou het.

**Huwelike Sluit Families In**
Die huwelik het nie net met twee individue te make nie, maar met twee families. Ons behoort ons ouers te ken in die saak en van ons kerkleiers leiding te soek, wanneer ons dit oorweeg om te trou. Diegene wat in dieselfde juk met 'n ongelowige trek, is kortsigtig.  Hulle plaas hulle emosies bó God se Woord.

Die Bybel sê duidelik dat God "'n nageslag" wil hê "wat Hom eer." Maleági 2:15. Dit behoort Christene se begeerte te wees om 'n God-gesinde nageslag te vestig. *"En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond... Maar jy moet My verbond hou, jy en jou nageslag ná jou."* Génesis 17:7-9

*"Jy moet dan weet dat die Here jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom lief het en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte."* Deuteronómium 7:9

**Beskerming en Seën**
God se Wet is duidelik: Gehoorsaamheid beskerm ons teen rampe en lei ons na seën. Om alle immoraliteit te ontvlug, en alles wat selfs lyk na boosheid of wellustige verleiding, en ons na God en Sy Woord te wend, is die enigste weg na 'n lewe wat reg laat geskied aan ons roeping in Christus. *"So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame."* Efésiërs 5:28

*"In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy eie vrou liefhê net soos homself, en die vrou moet die man eerbiedig."* Efésiërs 5:33



Joshua konfronteer Agan vir sy diefstal wat God se oordeel op hulle neergebring het.

Hoofstuk 8

# Die Agtste Gebod

## JY MAG NIE STEEL NIE

Die Agtste Gebod gaan lynreg in teen die gees van diefstal in ons dag. Onlangse navorsing dui aan dat drie uit elke tien aspirant werknemers van hulle vorige werkgewer gesteel het!

**Navorsing wys verder dat:**

I. 22% van alle werkers voel dat dit *"soms geregverdig is"* om van hulle firma te steel

II. 33% werknemers het erken dat hulle valslik voorgegee het om siek te wees en tog betaling aanvaar het vir die dae wat hulle van diens af was

III. Een derde van alle kollege-studente het erken dat hulle sou kul in 'n eksamen, indien hulle seker kon wees dat hulle nie uitgevang sou word nie

IV. Een uit elke sewe gegradueerdes bly in gebreke om hulle universiteitslenings te vereffen.

'n Opname van 'n aantal groot organisasies het aan die lig gebring dat die gemiddelde werknemer ses weke per jaar van sy werkgewer steel, deur gereeld laat te kom, vroeg te loop, met uitgerekte etenstye, deur ekstra tyd te neem vir koffie- en tee verposings, en deur sy plig te versuim. Dit alles beloop miljarde wat elke jaar vir die ekonomie verlore gaan.

**Wydverspreide Diefstal**

In 'n onlangse lukraak-opname van 500 produkte is bevind dat ongeveer 50% daarvan mínder items bevat het, as wat op die etiket aangedui is. Byvoorbeeld, 'n houer met 100 hoofpyn tablette het in werklikheid slegs 60 bevat!

**Diefstal oor die Hele Spektrum**

Ongeveer een derde van alle besighede wat jaarliks te gronde gaan, is as gevolg van diefstal deur werknemers. Wanneer besighede sluit, verloor werknemers hulle werk en ly hulle gesinne, en dit omdat die helfte van alle werknemers hulle aan diefstal skuldig maak. Volgens kleinhandelaars in Suid Afrika verloor hulle miljarde rande elke jaar deur winkeldiefstal, en

selfs nog meer a.g.v. "inkrimping" – of te wel diefstal deur werknemers. In 2007 het die SAPD 395 296 sake van winkeldiefstal en 'kommersiële misdade' geregistreer.

14 201 Motorkapings, 1 245 vragmotorkapings en 77 984 publieke rooftogte in die strate, is in 'n enkele jaar aangemeld.

**Hoekom Steel So Baie Mense?**

Wat het die pandemie van diefstal veroorsaak? Daar sal mense wees wat sê dat armoede diefstal veroorsaak, maar sommige van die wêreld se rykes het hulle al aan diefstal skuldig gemaak en baie bedorwe kinders uit welvarende gesinne raak by winkeldiefstal betrokke. In teenstelling daarmee is daar miljoene arm mense wat nooit steel nie. Selfs gedurende die Groot Depressie, toe miljoene gesinne brandarm was, het Godvresende mense hulle nie aan diefstal skuldig gemaak nie.

In Prediker 8:11 gee die Bybel ons 'n duidelike antwoord op hierdie vraag: "*Omdat die oordeel oor 'n verkeerde daad nie gou voltrek word nie, daarom is die hart van die mensekinders in hulle vol om kwaad te doen."* In Suid Afrika het die toestand só versleg, dat ons spesiale veldtogte en TV-reekse het om die bevolking die basiese beginsels te leer. Sommige besighede het selfs prominente plakkate aangebring, waarop staan: "Winkeldiefstal is 'n misdaad!" 'n Mens sou dink dat dit tog vanselfsprekend is, maar te veel mense sien eenvoudig niks verkeerd met blatante diefstal nie.

**Valsheid en Bedrog**

Diefstal is deurtrek van hoogmoed, bedrog en valsheid. Diewe, kulkunstenaars en bedrieërs is skynheilig. Hulle wil nie hê iets moet van húlle of hulle kinders gesteel word nie. En tog is hulle arrogant genoeg om die mees basiese wette van die samelewing op te skort en hulleself daarvan te vrywaar. Hulle verwag dat hulle eie gerief en besittings beskerm moet word, maar hulle belieg, besteel en kul ander.

**'n Ongeërgde Misdaad**

Diefstal is 'n ongevoellige misdaad, omdat die dief oënskynlik nie omgee oor die uitwerking wat sy misdaad het op die een vir wie hy benadeel. Die uitbuiter, wat te veel huurgeld vra, is oënskynlik min gepla oor die swaarkry wat dit vir sy huurder veroorsaak. Die mens wat defektiewe produkte verkoop, gee nie om oor hoeveel probleme sy bedrog die koper kan besorg nie.

**Verskonings**

Daar is ‘n menigte verbeeldingryke verskonings waarmee mense hulle diefstal probeer regverdig.

*“Ek het hard gewerk, en ek is nie behoorlik vir my pogings vergoed nie.”*

*"Ek het dit méér nodig, as hulle.”*

*“Ek kan nie help nie.”*

*“Hulle waardeer dit nie, ek sal wel.”*

*“Ek is jaloers op hulle en ek dink ek verdien wat hulle het, selfs meer as wat húlle dit verdien.”*

Hierop reageer die Here met net vyf woorde: *“Jy mag nie steel nie.”* Exodus 20:15

Die Here het vir almal van ons die grense bepaal.

**“Dial-A-Porn”**

Toe Telkom begin het met *087Dial-a-Porn*, het Ou Mutual bekend gemaak dat hulle uitgawes aan oproepe in een maand met meer as R5 miljoen gestyg het! Op daardie tydstip het hulle ongeveer 5 000 werknemers by Ou Mutual se hoofkantoor gehad. As ons aanvaar dat ongeveer die helfte van Ou Mutual se werknemers die werk se telefone gebruik het om by *087Dial-a-Porn* uit te kom, beteken dit dat die gemiddelde werknemer R2000 se ongemagtigde oproepe in slegs een maand gemaak het. Hulle het sowel die sewende as die agtste Gebod oortree.

**Diefstal deur die Regering**

Regerings-korrupsie is ook diefstal. As God se Wet bepaal: *“Jy mag nie steel nie... jy mag nie begeer nie...”* word privaatbesit daardeur beveilig. Sosialisme is gewettigde diefstal en institusionele afguns. Enige belasting van 10% of meer, word deur die Bybel as onderdrukkend beskryf (1 Samuel 8:10-18). Enige belasting op eiendom, of erflatings, is volstrek verbode (1 Konings 21:3).

Instellings en individue wat voltyds in diens van die Here is, mag nie belas word nie (Esra 7:23-24). Diegene wat die Here voltyds dien, word onderhou deur die vrywillige gawes van mense wat rééds belasting betaal het. Om geld wat aan die Here se diens toegewy is, te belas, is om van God

te steel. Enige ongelyke of progressiewe belasting-stelsel word uitdruklik in die Skrif verbied (Exodus 30:14-15; Levítikus 19:15).

**Diefstal deur Inflasie**

Bybelse ekonomiese beginsels verbied bedrieglike weegskale (ongesteunde koerse) en maatstawwe (inflasie). Lees Levítikus 19:35-36; Spreuke 11:1; 20:10; Amos 8:5-7; Miga 6:11-12. Inflasie knou pensioene en spaargeld. Dit is verskuilde belasting.

Baie mense oortree die Agtste Gebod deur vir politieke partye te stem, wat deur buitensporige belasting en sosialistiese beleid diefstal pleeg. Regerings wat belasting verhoog, sonder om gelykwaardige dienste te lewer, is ook besig om te steel.

**Restitusie**

In gevalle van diefstal, brandstigting en kwaadwillige beskadiging van eiendom, vereis die Bybel restitusie. Dit beteken om ‘n ding aan sy wettige eienaar terug te besorg. Dit is om te vergoed vir beserings of skade aan eiendom.

Die Bybel bepaal dat die slagoffer van misdaad die enigste begunstigde van restitusie is. Restitusie word ook vereis vir strafbare nalatigheid.

*“... as die son oor hom opgegaan het, ontstaan daardeur bloedskuld. Hy moet ten volle vergoeding gee; as hy niks het nie, moet hy vir sy diefstal verkoop word. As die gesteelde goed - of dit ‘n bees, ‘n esel of ‘n stuk kleinvee is - nog lewendig in sy besit gevind word, moet hy dubbel vergoeding gee. As iemand ‘n stuk veld of ‘n wingerd laat afwei en sy vee vry laat loop, sodat dit in die veld van ‘n ander wei, moet hy van die beste van sy veld en die beste van sy wingerd as vergoeding gee. As ‘n vuur uitbreek en die dorings vat, sodat ‘n mied of die ongesnyde graan of die veld verteer word, moet hy wat die vuur aan die brand gesteek het, ten volle vergoeding gee.”* Exodus 22:3-6

God se Wet is ondubbelsinnig: Die krimineel is aanspreeklik en hy is verantwoordelik om vir sy misdaad te betaal. Hy moet werk, sodat hy geldelik, of met goedere kan vergoed vir wat hy gesteel of beskadig of vernietig het.

Saggéüs is ‘n goeie Bybelse voorbeeld van iemand wat restitusie gedoen het. *“Maar Saggéüs het gaan staan en aan die Here gesê: Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir die armes; en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug. Toe sê Jesus aan hom: ‘Vandag*

*het daar redding vir hierdie huis gekom, aangesien hierdie man ook 'n seun van Abraham is'."* Lukas 19:8-9

**Was Jy al Skuldig?**

Het jy al ooit iets gesteel? Het jy al ooit iets gevat wat nie aan jou behoort nie? Het jy goed geleen wat jy nie terug gegee het nie - vir maande of jare? Het jy die werk se telefoon sonder toestemming vir persoonlike en privaat oproepe gebruik? Indien wel, is dit diefstal!

Ek is aan diefstal skuldig as ek sonder goedkeuring iemand anders se telefoon gebruik en sy rekening opjaag. Dis soos om geld uit sy beursie te vat. Dis ook een van die maklikste maniere om te steel.

**Herstel deur Berou**

Sondevergifnis is nie 'n plaasvervanging vir regstelling nie, maar eerder die onderbou daarvan. Vergifnis van sonde is nie 'n herdefiniëring daarvan nie. Ons word vergewe – bevry van die skuld en straf van sonde – sodat ons kan doen wat reg is. Vergifnis is nie 'n dekmantel vir sonde nie. Dit is die oplossing vir sonde. Vergifnis is nie die oordrag van eiendomsreg aan die dief nie. Toe God beveel het: *"Jy mag nie steel nie...jy mag nie begeer nie..."* het Hy privaatbesit van eiendom bevestig en geseën. 'n Mens mag nie vernietig wat God op enige terrein verorden het nie – nie die huwelik as instelling, of die besit van privaat eiendom nie.

Diefstal is nie net 'n oortreding teen die slagoffer nie, dis 'n sonde teen God. Dis 'n verbreking van Sy Wet. Berou oor sonde en restitusie is onafskeidbaar. As sonde skade aan, of diefstal van die eiendom van ander behels, is restitusie noodsaaklik, vóór die vreugde van vergifnis belewe kan word. Genade maak ware berou moontlik, maar dit sluit nie die noodsaaklikheid van restitusie uit nie. Ons Here en Verlosser, Jesus Christus, het geregtigheid lief. Diefstal is ongeregtigheid.

Ons Here Jesus Christus het nie aan die kruis gesterf sodat ons ander mense se eiendom kan steel en daarmee wegkom nie. Moenie rus voordat jy nie terugbesorg het wat jy geleen het nie, vergoed vir wat jy beskadig of gebreek het, en betaal daardie ongemagtigde telefoonoproepe. Vereffen jou agterstallige huurgeld. Dit is die restitusie wat die Bybel van ons eis.

**'n Navolgenswaardige Voorbeeld**

Baie van u ken seker die getuienis van George Oesche. Hy was in die diamantmyne werksaam en het oor die jare baie van dié edelgesteentes gesteel.

Hy het ‘n baie mooi huis, en ‘n gerieflike lewensstyl gehad. Maar toe kom hy tot bekering, en ontdek die belangrikheid van restitusie. Toe gaan bely hy sy wandade by die owerhede.

**Om Ons Skuld Terug te Betaal**

Al was hy nooit uitgevang nie, en al was hy nie meer in die myne werksaam nie, het hy toe begin met die lang en pynlike proses om alles wat hy gesteel het, terug te betaal. Dit was ‘n groot opoffering, maar die Here het hom ryklik geseën. *“Die skuldoffer spot met die dwase, maar tussen die opregtes is daar welwillendheid.”* Spreuke 14:9

**‘n Kragtige Getuienis**

Ek weet van ‘n ander broeder, Lawrence Temfwe, wat die hoof is van die *Prison Fellowship* in Zambië. Terwyl hy in Standard Bank ‘n klerk was, het hy baie geld gesteel. Hy is gevang en in die tronk gegooi, waar hy tot geloof in Christus gekom het. Nadat hy sy termyn uitgedien het, het hy gewerk om wat hy van Standard Bank gesteel het, terug te betaal. Daar was geen wetlike verpligting op hom nie – hy was immers in die tronk, maar as Christen wou hy restitusie doen. Stel jou die verbasing voor, toe hy alles terugbetaal het wat hy van die bank gesteel het! Wat ‘n kragtige getuienis.

*“Gee die goddelose die pand terug, vergoed hy wat geroof is, wandel hy in die insettinge van die lewe... sy sondes wat hy gedoen het, sal hom nie toegereken word nie; hy het reg en geregtigheid gedoen, hy sal sekerlik lewe.”* Eségiël 33:15-16

**Diefstal by die Werk**

Daar is baie mense wat van hulle werkgewers steel, deur die ooreenkoms te verbreek om vir sekere ure te werk teen ‘n bepaalde salaris. Hulle kom laat, gaan vroeg huis-toe en werk net wanneer daar toesig is. Hulle hou nie by die 40 uur, óf die hoeveelheid werk wat in ‘n week verrig moet word nie. Maar, as hulle aan die einde van die maand minder betaal sou word as dit waarop ooreen gekom is, sal hulle hoogs ontevrede wees.

Is dit nie ook diefstal nie? Jy verwag 100% vergoeding - vir 40% werkverrigting! Laksheid is ook ‘n vorm van diefstal. Ons besteel mense, as ons minder doen as dit waaroor ons ooreen gekom het.

**Morsjorse en Luiheid**

Rommelstrooi is ook ‘n oortreding van die Agtste Gebod. Ons steel ander mense se tyd, omdat hulle moet skoonmaak waar ons gemors het. Ons bemors ander mense se eiendom deur ons ongeërgdheid. As ons aan ander doen, soos ons wil hê hulle moet aan ons doen, dan moet ons nie morsjorse wees nie. Die Agtste Gebod vereis van ons om ander se eiendom te respekteer.

**Die Vele Gesigte van Diefstal**

Regerings-korrupsie is ook diefstal, en so ook inflasie, buitensporige belastings, in gebreke bly om lenings te betaal, onbetaalde rekeninge, verneuk met toetse, leeglê by die werk, kul met inkomstebelasting, om siekverlof te neem as jy nie siek is nie, onwettige aflaai of kopiëring van sagteware, en om God van die tiende te beroof.

**Om van God te Steel**

Die profeet Maleági het geskryf dat mense wat nie hulle volle tiende en offergawes aan die Here gee nie, Hom direk besteel..

*“Mag ‘n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe. Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie! Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle ‘n oorvloedige seën sal uitstort nie.”* Maleági 3:8-10

**Diefstal is Kortsigtig**

Diefstal kan die dief slegs vir ‘n kort tydjie bevoordeel. Ons Skepper en Ewige Regter sien alles wat ons doen. Gevolglik sal niemand met diefstal wegkom nie. God se straf oor onboetvaardige diewe sal ‘n ewigheid duur.

**Die Berouvolle Dief**

Deur die genade van God was die dief wat langs Jesus gekruisig is, een van die eerstes wat die vrug van Sy verlossing deelagtig geword het, Hy het in berou na Jesus gedraai en gevra: *“Dink aan my, Here, wanneer U in U Koninkryk kom.”* Ons Here het geantwoord: *“Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.”* Lukas 23:42-43

Die Here se Woord kom vandag na elkeen van ons: *“Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.”* Efésiërs 4:28



Nadat Koning Agab Naboth se wingerd begeer het, en nadat Koningin Jezebel vals getuies teen Naboth gereel het, het God die profeet Elia gestuur om God se oordeel oor hulle uit te spreek: *"... omdat u uself verkoop het om te doen wat verkeerd is in die oë van die Here. Kyk, Ek gaan onheil bring oor jou..."* 1 Konings 21:20-21

Hoofstuk 9

## Die Negende Gebod

## JY MAG NIE VALS GETUIENIS TEEN ‘N ANDER GEE NIE

God is Waarheid. Jesus Christus is die Weg, die Waarheid en die Lewe. God se Woord is Waarheid. *“...julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak..”* Johannes 8:32

Augustinus het dié kennisgewing op sy lessenaar gehad: “Enigiemand wat in hierdie kantoor inkom om sy broer te beskuldig, sal hier uit begelei word.” Augustinus het met die Negende Gebod erns gemaak.

### Die Grootste Onreg

Johannes Calvyn, die groot Hervormer, het gesê: “Daar is geen groter onreg wat mense aangedoen kan word nie, as om hulle reputasie te skend.”

Soos Mark Twain tereg opgemerk het: “’n Leuen kan al halfpad om die aarde wees, terwyl die waarheid nog sy stewels aantrek!” En dit was vóór e-pos en Internet. Nou trek ‘n leuen baie verder en vinniger as ooit tevore.

*“Die tong is ook ‘n vuur, ‘n wêreld vol ongeregtigheid, dié deel van die liggaam wat die hele mens besmet. Dit steek die hele lewe aan die brand... en word...uit die hel aan die brand gesteek”* Jakobus 3:6

### Skinder en Kwaadpraat

Almal van ons het ons al een-of-ander tyd aan skinder skuldig gemaak. En dit is ‘n sonde. Vir God is dit ‘n ernstige saak. Die Bybel stel dit só: *“...hy wat skindertaal uitstrooi, is ‘n dwaas…”* Spreuke 10:18. Die opdrag aan ons is duidelik: *“Moenie van mekaar kwaad spreek nie...”* Jakobus 4:11

### Hoogmoed en Kwaadwilligheid

Die skinderbedryf word dikwels deur hoogmoed aangedryf. Dit is die behoefte om mense wat beter as ons is, in ‘n slegte lig te stel, om so onsself te verhoog deur ander af te trek. *“Lê dan af alle boosheid en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle kwaadpratery...”* 1 Petrus 2:1. Kwaadpratery is onlosmaaklik gekoppel aan kwaadwilligheid, bedrog, valsheid en jaloesie.

Die Bybel waarsku ons: “*En tegelykertyd leer hulle ook om ledig by die huise rond te gaan; en nie alleen is hulle ledig nie, maar ook praatsiek en bemoeisiek, want hulle praat wat nie behoorlik is nie.*” 1Timótheüs 5:13

**Karaktermoord**
Die Here se Wet is duidelik: *"Jy mag nie as 'n kwaadspreker onder jou volksgenote rondloop nie. Jy mag nie teen die lewe van jou naaste optree nie. Ek is die Here."* Levítikus 19:16

Skinder kan 'n ander mens se lewe in gevaar stel. *"'n Knopkierie en 'n swaard en 'n skerp pyl, so is 'n man wat teen sy naaste as valse getuie optree."* Spreuke 25:18

'n Paar jaar gelede was ons getuies van 'n verbete veldtog van haat en kwaadstokery deur onvergenoegde uitgetrede lede teen 'n uitmuntende sending in Afrika. Sarsies briewe, e-posse en telefoonoproepe was afgevuur.

Webtuistes is op die been gebring om die sending te beskinder, en al wat 'n denkbare wraaksugtige verguising is, is ingespan teen hierdie uitnemende Christelike gemeenskap.

**Sondige Laster**
Ek was heeltemal verstom deur die volgehoue, obsessiewe en afbrekende kwaadwilligheid van die kwaadstokers. "Sending van haat"; "Sending van vrees"; "Ek het uit die Sending van die hel ontsnap!" - so het opskrifte van koerante en tydskrifte dit uitbasuin.

Ek het ook ontdek dat baie oorsese bedienings die slagoffers geword het van soortgelyke patologiese teenpartye.

Soos Dr. James Kennedy in *'Delighting God'*, geskryf het: "As jy net 'n bietjie bokant die gewone kudde uitstyg, as jy 'n greintjie meer sukses as jou naaste behaal, sal die pyle van kritiek verseker na jou geskiet word..." Kennedy haal 'n ou wysgeer aan: "As ek al die kritiek teen my moes lees, wat nog van dit antwoord, saam met al die aanvalle teen my, sal hierdie kantoor vir besigheid moet sluit. Ek doen so goed as wat ek kan, na die beste van my vermoë, en ek is van voornemens om so aan te gaan – tot op die einde.

As ek dan op die ou end verkeerd bewys word – sal tien engele wat getuig dat ek reg was, geen verskil maak nie. As ek op laas reg bewys word, sal alles wat nou teen my gesê word, in elk geval niks beteken nie."

**Spurgeon se Raad**
Die grootste Baptiste prediker van alle tye, C. H. Spurgeon, het gewaarsku:

"Moenie die helfte glo van wat jy hoor nie; moenie die helfte wat jy glo, herhaal nie. As jy 'n kwade gerug hoor, halfveer dit, en halfveer die helfte weer, en bly stil oor die res. "

**Kwaadwilligheid Teenoor Sendelinge**

Spurgeon skryf: "Hoe meer prominent jy in diens van Christus is, hoe meer kan jy daarvan seker wees dat jy aan die ontvangkant van skindertonge sal wees." Ek het lank gelede al van my karakter afskeid geneem. Ek het dit al vroeg in my bediening verloor, deur net 'n bietjie meer ywerig te wees as wat ons sluimerende eeu mee gemaklik is.

En ek kon dit nog nooit weer herwin nie, behalwe in die oë van Hom wat die aarde sal oordeel, en in die harte van diegene wat my vir my werk waardeer. Tydens my navorsing vir '*The Greatest Century of Missions'*, was ek verstom oor hoe elkeen van die groot sendelinge van die verlede deur hulle tydgenote geteiken is met die venynigste laster en verguising.

William Carey, Samuel Marsden, Hudson Taylor, David Livingstone en vele ander het die wreedste en kwaadwilligste aanvalle verduur – deur mense wat voorgegee het dat hulle Christene is.

George Whitfield, een van die grootste evangeliste van alle tye, en 'n sleutelfiguur in die Groot Evangeliese Ontwaking, was selfs uit die *Church of England* geskop – die kerk wat hy so getrou gedien het. Desnieteenstaande het dié kerk in Suid-Afrika sy kollege na George Whitfield vernoem.

Toe ek vir '*The Greatest Century of Reformation'* boek navorsing gedoen het, was ek opnuut geskok deur die vyandigheid - nie slegs in die verlede nie, maar selfs tot op hierdie dag - teen sommige van die grootste Christelike hervormers wat deur God gebruik is om die kragtigste geestelike herlewing in die geskiedenis te bewerk. Een historikus het oor Johannes Calvyn opgemerk: "Oor geen goeie man is ooit slegter berig nie; geen Christelike teoloog is so dikwels geminag, so gereeld aangeval nie."

**Teoloë Geteiken**

Selfs Amerika se grootste teoloog, Jonathan Edwards, die man wat die nouste met die Groot Evangeliese Ontwaking geassosieer is, was op grond van skinderstories deur sy eie kerk ontslaan - wat later bely is deur die een wat valslik teen hom getuig het.

In sy afskeidstoespraak het Edwards hierdie raad gegee: "…vermy twis. Twisgieriges sal altyd ongelukkig wees…hitte van die oomblik geeste, kwaadpraters en dergelike dinge…lynreg teen die Christelike gesindheid in..." Die Skrif vermaan ons: "*Broeders, moenie van mekaar kwaad spreek nie. Dié wat kwaad spreek van sy broeder en sy broeder oordeel, spreek kwaad van die Wet en oordeel die Wet...*" Jakobus 4:11

Charles Spurgeon was die teiken van venynige en beswadderende aanvalle deur die destydse Baptiste Unie. Nou is sy boeke die handboeke van Baptiste kolleges, en staan sy standbeeld voor die hoofkwartier van die Baptiste Unie.

**Waarskuwings uit die Woord**

Die Bybel waarsku ons "*...hartstog vreet 'n mens op*." Spreuke 14:30. *"selfverheffing lei altyd tot twis."* Spreuke 13:10. Die Apostel Paulus waarsku teen 'n sieklike beheptheid met twisvrae en met stryery oor woorde. Daaruit ontstaan afguns, twis, beledigings, gemene verdagmakery en voortdurende rusie (1 Timótheüs 6:4).

Die Woord van God is uitgesproke teen *"...spotter, en uitgeroei is almal wat op ongeregtigheid bedag is — hulle wat 'n mens as sondaar brandmerk ter wille van 'n woord, en strikke span vir hom wat vir die reg opkom in die poort, en die regverdige met nietige voorwendsels wegstoot."* Jesaja 29:20-21.

In die laaste boek van die Bybel is daar 'n lys van agt kategorieë van mense wat nie in die Hemel sal kom nie: *"Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars - hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood."* Openbaring 21:8

**Die Sonde van Swygsaamheid**

Een mens kan 'n ander net so te na kom deur te swyg, as deur te skinder – as jy goed weet iemand is vals beskuldig, maar jy kom nie vir hom op nie.

*"Jy mag nie vals getuienis gee nie"* beteken dat ons nie mag toesien, dit oorweeg, aandag gee aan, of luister na vals getuienis nie. Dit beteken egter ook om te praat wanneer jy moet. Hierdie Gebod verbied nie slegs die aanhoor van vals getuienis nie, dit verbied ons ook om enigiets met vals getuienis te doen te hê. Jy mag nie iets versin, of aandag gee aan, of tob oor, of vals getuienis versprei nie. Ons mag nie vals getuienis gee óf ontvang nie.

**Foutvindery**

Die Negende Gebod verbied ons om vals getuienis in ons kop of hart, of op ons lippe te dra. Dit is 'n oortreding van die Gebod om ons denke te besoedel met oordrewe-, of vermeende idees van 'n ander se foute.

Valse getuienis is enige oneerlike weergawe van gebeure, of enige vals stelling. Dit mag skinderstories wees, of kwaadpraat, of dit mag oneerlike inligting oor onsself wees, met die doel om ander te beïndruk. Dit sluit in oneerlike of verdraaide verskonings wat saamgeflans word om onsself uit die moeilikheid uit te hou, of om skande te ontwyk.

**Die Sonde van Vleiery**

Onrealistiese vleiery is ook 'n leuen en is skadelik, omdat dit die ander persoon 'n valse siening van homself kan gee en hoogmoed tot gevolg kan hê. Baie ouers het hulle kinders met ongegronde vleiery benadeel. Leuens bedroef die Heilige Gees. Dit vernietig ook vertroue. Die persoon teenoor wie 'n leuen vertel word, ervaar verraad, want die een wat hy as betroubaar vertrou en gerespekteer het, het nou sy vertroue geskok. Oneerlike stellings is ook 'n vyandige daad. Elke leuen is 'n afbrekende aanslag op iemand se karakter. Leuens verstomp die gewete tot ongevoeligheid, en beskadig en vernietig uiteindelik persoonlike integriteit.

**Wat Vals Getuienis Motiveer**

Elke leuen behels baie sondes, en veroorsaak ook ander. Daar is gewoonlik 'n sondige dryfveer vir leuens. Hoogmoed en arrogansie is die onderbou van grootpraterige leuens. Lafhartigheid lê agter oneerlike verskonings. Haat, kwaadwilligheid en afguns lê agter wraakgierige geskinder. 'n Leuenaar wat probeer voorgee dat hy 'n Christen is wat met die Here wandel, is ook aan skynheiligheid skuldig. Sommige mense lieg en oordryf vir die vertoon, en om aandag te trek. Ander lieg om argumente te wen en guns te bekom.

Een van die algemeenste leuens waaraan jy dalk skuldig mag wees, sluit kreatiewe verskonings in. Wanneer ons 'n baie dom ding aangevang het, is die versoeking daar om die waarheid net so 'n bietjie aan te pas, of om na te laat om te doen wat nodig is.

**Geestelike Bedrog**

'n Ander, baie algemene en ernstige wyse waarop Christene dikwels lieg, is deur geestelike leiding en seëninge te oordryf en voor te gee dat hulle

‘n dieper wandel met God geniet, as wat wel die geval is. Dit sluit in die ydele gebruik van God se Naam. Christene sal dikwels praat van: “Die Here het vir my gesê...” en “Die Here het vir my gesê om vir jou te sê...” of “Ek bid nog daaroor...”

Baie van dit wat in vele byeenkomste deurgaan as getuienisse, aanbidding en voorbidding, is eintlik maar ‘n oortreding van die Derde en Negende Gebooie.

**Ananias en Saffira**

Daarvan is die verhaal van Ananías en Saffíra in die Vroeë Kerk ‘n uitstekende voorbeeld: “*Maar ‘n sekere man met die naam van Ananías het saam met sy vrou Saffíra ‘n eiendom verkoop, en ook met die medewete van sy vrou van die prys agtergehou en ‘n sekere deel gebring en aan die voete van die apostels neergelê. Toe sê Petrus: Ananías, waarom het die satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou? As dit nie verkoop was nie, het dit nie joue gebly nie? En toe dit verkoop is, was dit nie in jou mag nie? Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou hart voorgeneem het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God. En toe Ananías hierdie woorde hoor, het hy neergeval en gesterwe; en ‘n groot vrees het gekom oor almal wat dit gehoor het.”* Handelinge 5:1-5

**Om die Skrif te Verdraai**

Hierdie gedeelte is ‘n duidelike waarskuwing oor die konsekwensies daarvan om vir God te lieg. Soos die Apostel Petrus gesê het: Dit was hulle grond, en nadat dit verkoop is, was dit hulle geld. Dit gaan nie oor die grond of die geld nie. Dit gaan oor Ananías en Saffíra se bedrog en oneerlikheid, oor die feit dat hulle voorgegee het dat hulle méér gedoen het as wat hulle werklik gedoen het.

Ter wille van die lof van mense, het hulle openlik voorgegee dat hulle die volle som geld vir die Here gegee het. Dit benadruk net hoe belangrik integriteit en eerlikheid is.

**Om Reputasies te Vernietig**

Kwaadpraat is die slegste manier waarop die Negende Gebod oortree word. Om iemand kwaadwillig te beskuldig, is vernietigend. Om opsetlik oor iemand anders leuens te versprei, is om sy hele reputasie te vernietig - in die gemeenskap, in sy werkplek, of in die kerk.

Deur voort te borduur oor iets van 'n ander waarvan jy nie hou nie, of deur 'n tekortkoming van sy karakter aan die groot klok te hang, kan jy sy vriende en kollegas maklik van hom vervreem. *"'n Valse tong haat die wat hy verbrysel het, en 'n gladde mond bewerk ondergang."* Spreuke 26:28

**Kan Jy die Ander Kant Insien?**

Elke keer wanneer Tsaar Petrus die Grote van Rusland iemand gehoor het wat 'n ander swartsmeer, het hy só daarop gereageer: "O ja, maar is daar dan niks goeds aan hom nie?" Die stigter van *Campus Crusade for Christ*, Bill Bright, het gesê: "Mense stort nie rommel op groen grasperke nie". Vullis word gewoonlik op leë erwe vol klippe en gemors, sand en onkruid gestort.

Die vraag is: Is jy ontvanklik vir die storting van skinderstories? *"Die wat met kwaadsprekery omgaan, maak 'n geheim openbaar, maar hy wat betroubaar is van gees, bedek 'n saak."* Spreuke 11:13

**Kan Jy Vertrou Word?**

Die vraag is of jy met vertroulike inligting vertrou kan word en 'n geheim kan bewaar? Een goeie reël is om nooit iets oor iemand te sê, tensy jy dit nie eers met hom sélf bespreek het nie. As ons nie kan bewys dat iets gebeur het nie, het ons nie die reg op 'n mening oor die saak nie, en ons mag vir seker nie vals daaroor getuig nie. Moet nooit onderskat tot watter uiterstes sondige mense kan gaan om ander se reputasies te vernietig nie - net sodat hulle in die proses belangrik kan voel nie.

*"'n Deugniet grawe 'n kuil van onheil, en op sy lippe is soos 'n brandende vuur. 'n Man van valse streke saai tweedrag, en 'n kwaadstoker skei vriende van mekaar."* Spreuke 16:27-28

**Onbekeerlike Harte**

Die wat skinder en ander belaster en geen berou toon nie, wys daarmee dat hulle 'n bose en onwedergebore hart het. Mense met só 'n hart, sal hulle ook nie bekeer wanneer hulle sondig nie.

Mense wat herhaaldelik, opsetlik en moedswillig laster en skinder, en dan geen berou het nie, bewys daarmee dat vrot vrugte uit 'n vrot hart kom. *"Die mond van die dwaas is sy ondergang en sy lippe 'n strik vir sy lewe."* Spreuke 18:7

**Herstel of Vernietiging?**

Een van die maniere waarop 'n mens kan onderskei tussen 'n dwaas en 'n

wyse man, is die manier waarop hulle praat. ‘n Godvresende man sal sy broer probeer oorhaal en opbou, deur hom met sy eie sonde te konfronteer. Die sondige man, daarenteen, sal poog om sy slagoffer te vernietig, deur oor hom op ‘n afbrekende manier met ander te praat.

*“Die wyse lê kennis weg, maar die mond van die dwaas is ‘n ondergang wat naby is.”* Spreuke 10:14

**Help dit of Maak dit Seer?**

Een van die vrae wat ons moet vra om te kan onderskei tussen ‘n Godgegewe begeerte om te help en ‘n God-onterende begeerte om seer te maak, is: Help die negatiewe inligting die een wat beskuldig word, of berokken dit hom skade?

As mense met ‘n skinderstorie na jou toe kom, moet jy vir hulle vra: Het jy met die betrokke individu persoonlik gepraat? Indien nie, wil ek dit nie hoor nie. Dit het niks met my te make nie. Ek beveel aan dat jy direk met hierdie persoon gaan praat.

**Breek die Ketting**

As ons sal weier om na skinderstories te luister, of dit verder te versprei, sal die vernietigende afwaartse spiraal verbreek word. *“Die mond van die regverdige is ‘n fontein van lewe.”* Spreuke 10:11



Daniel was die slagoffer van ‘n veldtog om sy reputasie te vernietig.

Hoofstuk 10

## Die Tiende Gebod

## JY MAG NIE BEGEER NIE

Begeerte is ‘n wortel van sonde, wat terugdateer tot in die Tuin van Eden. Die Bybel vertel van koning Saul se afguns op Dawid se sukses, en hoe Saul die lof en eer wat Dawid vir sy oorwinnings te beurt geval het, begeer het. (1 Samuel 18:6-8). As gevolg daarvan het Saul beplan om Dawid te vermoor. Op sy beurt het koning David sy buurman, Urija, se vrou begeer. Hy het met haar egbreuk gepleeg, en toe beplan om Urija te laat vermoor - om sy sonde te verbloem (2 Samuel 11:1-27).

### Die Vloek van Begeerte

Koning Agab het Nabot se wingerd begeer (1 Konings 21:2-4). Die profeet Miga het gewaarsku teen dié wat ander se goed begeer: *“Hulle begeer velde en roof dit; ook huise en neem dit. So pleeg hulle dan geweld teenoor die man en sy huis...”* Miga 2:2

Terwyl ek een keer na ‘n bedieningsgeleentheid op pad was huis toe, het die militêre kapelaan met wie ek saamgery het, stilgehou om vir ‘n vrou wat duidelik ontsteld was, die geleentheid te gee om saam te ry. Nadat hy vir ‘n ruk ernstig met haar gepraat het, het hy haar by ‘n naby-geleë dorpie afgelaai. Toe het hy vir my verduidelik hoekom die vrou so ontsteld was. ‘n Familielid het gesterf en al die familielede het die geld vir die begrafnis aan haar toevertrou. Sy moes daarmee alles organiseer. Op pad na die lykshuis het sy ‘n dobbelhuis gesien, en toe gedink dat sy die geld kon verdubbel, sodat sy die helfte vir haarself kon hou. Sy kon dalk selfs die geld drie of vier keer meer maak!

Sy het so pas alles weggedobbel, insluitende die duisende Rande wat deur die familie aan haar toevertrou was vir die begrafnis reëlings. Nie een van hulle was welaf nie. Al die geld het groot opoffering geverg. Sy kon nie dink waar hulle nou weer geld vandaan kon kry om vir die begrafnis te betaal nie. In haar geval het begeerte katastrofiese gevolge gehad, wat haar lewe en verhoudinge met haar uitgebreide familie kon vernietig.

### Die Ryk Dwaas

In die gelykenis van die ryk dwaas, waarsku Jesus ons: *“Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie.”* Lukas 12:15-21

*"Maar die godsaligheid saam met vergenoegdheid is 'n groot wins. Want ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie. Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees. Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor."* 1 Timótheüs 6:6-10

**Die Liefde vir Geld is 'n Wortel van Kwaad**

Daar is baie mense in ons samelewing wat voortdurend daarop uit is om méér speelgoed op te gaar – groter, beter, luukser karre, bote, tuis-vermaak toestelle, selfone, iPods, rekenaars en net omtrent alles waaraan jy kan dink - om die eenvoudige rede dat hulle begeer wat ander besit. Adverteerders teer op ons afgunstige neigings, en probeer ons voortdurend wysmaak: "Jy kan dit alles hê. Jy is dit werd!"

*"Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is - die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe - is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig."* 1 Johannes 2:15-17

**Om Goed Lief te hê, maar Mense Seer te Maak**

Skoolkinders is al letterlik vermoor vir handelsnaam sportskoene en klere. Ons word daagliks gebombardeer met allerlei advertensies wat spesifiek ontwerp is om ons te verlei om goed te begeer. En as ons ingee, sal ons nooit tevrede wees nie.

Ons sal altyd net nog 'n ietsie wil hê. Toe die biljoenêr, John D. Rockefeller, gevra is: "Hoeveel geld is genoeg?", was sy antwoord: "Net 'n bietjie meer." Dit is die wese van begeerte. Dit wil altyd méér hê. Ek sien soms buffer-plakkers en T-hemde waarop staan: "Gebore om te koop". Op 'n ander een staan: "Wie met die meeste speelgoed sterf, het gewen!" Wat 'n tragiese, kortsigtige, oppervlakkige, materialistiese en leë lewensdoel!

Dis tragies dat sommige mense werklik kan glo dat hulle primêre doel in die lewe, is om goed op te gaar. In plaas daarvan om mense lief te hê en dinge te benut, is daar al te veel mense wat goed liefhet en mense misbruik.

**Gierigheid is Afgodery**

Gierigheid is 'n sonde waaroor daar nie baie gepraat word nie. Slegs enkele mense herken die verraderlike aard daarvan, en dit maak van gierigheid een van die gevaarlikste sondes.

Paulus het geskryf: *"Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God. Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word. Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom."* Kolossense 3:2-6

**'n Saak van die Hart**

Jesus het die Fariseërs tereg gewys, omdat hulle die buitekant van die beker skoonmaak, terwyl die binnekant vol allerlei vuilheid en boosheid was. (Matthéüs 23:25-26). Die Fariseërs was puntenerig oor die uiterlike detail van die Wet, maar hulle harte was besoedel. Jesus het gewaarsku: *"Want uit die hart kom daar slegte gedagtes, moord, egbreuk, hoerery, diewery, valse getuienis, lastertaal."* Matthéüs 15:19

Gierigheid is die wortel van allerlei boosheid. Die Tien Gebooie is uiters belangrik, omdat dit die hart, die innerlike mens aanspreek. Dit is geestelik: *"Want ons weet dat die wet geestelik is."* Romeine 7:14

Die Tien Gebooie wys ons hoe om die ander Gebooie te interpreteer, naamlik om nie slegs die uiterlike te beoordeel nie, maar ook gedagtes en motiewe. Dit het oortuigingskrag. *"Wat is dan ons gevolgtrekking? Dat die Wet van Moses sonde is? Beslis nie. Inteendeel...Ek sou... nie geweet het dat dit sonde is om te begeer, as die Wet nie gesê het: 'Jy mag nie begeer nie'"* Romeine 7:7

**Die Wortels van Sonde**

Gierigheid is die wortel van verraad. Dit het veroorsaak dat Judas vir Jesus verraai het. *"Wat wil u my gee, en ek sal Hom aan u oorlewer?"* Matthéüs 26:15. Absalom se gierigheid was die rede waarom hy sy pa se kroon van sy kop wou afruk. Demas het toe geblyk 'n Judas te wees. Gierigheid is die wortel van moord.

Hoekom het Agab vir Nabot laat stenig, ánders as om sy wingerd te bekom? (1 Konings 21:13). Gierigheid lei tot bloedvergieting. Kan 'n

mens se hart skoon wees, as jou hande met bloed bevlek is? (Jesaja 1:15). Gierigheid is die wortel van meineed. Uit liefde vir geld sal mense vals verklarings aflê en 'n regverdige eed verbreek. Gierigheid is die wortel van omkopery en onreg. Gierigheid is die wortel van afgodery: *"...gierigheid, wat afgodediens is"* Kolossense 3:5.

**Tevredenheid**

Die Tiende Gebod is 'n beroep op ons om tevrede te wees met wat ons het. Om nie te begeer wat ander besit nie. Om die soeke na groter geluk en vreugde - deur die opgaar van materiële welvaart, besittings, 'n ánder se lewensmaat en ánder se vriende - te vermy. Ons mag nie toelaat dat aardse goed die leemte vul wat net deur God gevul kan word nie. "U het ons vir Uself geskape en ons harte bly rusteloos, totdat hulle in U vrede vind." (Augustinus)

**Behoeftes is nie Gulsigheid Nie**

Ons moet God vra om aan ons behoeftes te voorsien. Die Here belowe dat Hy sal voorsien wat ons nodig het (nie in ons gulsigheid nie) as ons Hom eerste plaas, en nie geld, gewildheid of besittings nie.

*"Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: 'Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.'"* Hebreërs 13:5

Jesus daag ons uit: *"Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die Koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."* Matthéüs 6:31-33

**Kyk Na die Voëls**

*"Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe - wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam - wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie? Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?"* Matthéüs 6:25-26

Die boodskap 'Soli Deo Gloria' op elke Rand-muntstuk, moet ons daaraan herinner dat ons nie God én geld kan dien nie. Die mens se hoogste roeping is om God te aanbid en Hom vir ewig te geniet.

**Ontevredenheid Aangeblaas**

In die algemeen is die doel van advertensies en bemarking om op mense se onversadigbare ontevredenheid te teer, deur 'n beroep op hulle selfsugtigheid. Die meeste adverteerders belowe tevredenheid, as ons maar net húlle produk koop. Baie adverteerders stel voor dat as 'n mens húlle produk koop, jy omring sal wees deur vriende, 'n beeldskone wederhelfte, en dat jy 'n wonderlike, genotvolle lewe sal geniet.

Dié adverteerders doen navorsing oor wat mense begeer, en ontlok mense se natuurlike geneigdheid om ontevrede te wees met wat hulle het. Toe die ryk jong man vir Jesus gevra het "wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?" het Jesus hom op die kern van die Tiende Gebod gewys: *"Een ding kom jy kort - gaan verkoop alles wat jy het, en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier, neem die kruis op en volg My."* Markus 10:21

Gierigheid is nie dieselfde as ambisie nie. Daar is in ons 'n Godgegewe begeerte om die beste persoon te wees, wat ons kan wees. Daarteenoor is gierigheid 'n oordrewe begeerte na wêreldse goed. Gierigheid het nie met behoeftes te make nie, maar met hebsug. Dit is 'n verterende begeerte na méér as wat ons nodig het, of verdien.

**Dobbel is 'n Vrug van Sonde**

Dobbel is beide die vrug en die wortel van sonde. Dit is beide die gevolg en die oorsaak van sonde. 'n Mens dobbel omdat hy begeer om geld te wen, wat hy nie deur eerlike werk verdien het nie. Gierigheid is 'n vorm van afgodsdiens. Die dobbelhuis is nie blood 'onskadelike vermaak' nie, maar in baie gevalle is dit 'n desperate en vrugtelose poging om te oorleef. Maar die kanse om te verloor is so 'n wrede werklikheid, dat dobbel eintlik maar diefstal deur instemming is (Larry Burkett, 'Truth About Gambling and Lotteries').

**Dobbel is Slegte Rentmeesterskap**

Christene moet wyse rentmeesters wees van die middele wat God aan ons toevertrou het. Om geld deur dobbel te verloor, is swak rentmeesterskap. Wie deur dobbel geld wen, doen dit ten koste van baie ander. Dobbel is 'n klasieke voorbeeld van die liefde vir geld, wat die wortel van baie soorte kwaad is. Dobbel is 'n groot oorsaak van die afskeep en verbrokkeling van gesinne. Geld wat op kos en klere en behuising bestee moes word, word uitgedobbel. In sommige gevalle het dobbel tot moord gelei. Dikwels lei

dit tot luiheid. Die Skrif sê: *"…as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie."* 2 Thessalonicense 3:10

**'n Bedryf wat Selfsug en Gulsigheid Stook**
Om iemand te verlei om geld te maak ten koste van ander, verbreek feitlik elke beginsel wat Christus ons geleer het. Dit kweek selfsugtigheid, gulsigheid en afguns. Die *London School of Economics* het bereken dat die las van dobbelary die armes agt maal méér benadeel, as die rykes.

"Dobbel dra niks by tot algemene welsyn nie. Dit ondermyn waardes, maak arbeid bespotlik, finansier misdade, beroof kinders, verslaaf mense, ondermyn regering en vergiftig enigiets wat daarmee in kontak kom." ('*Gambling a Deadly Game'* deur Larry Braidfoot).

Dobbel het nie slegs 'n vernietigende uitwerking op gesinne en die samelewing nie, maar dit vernietig ook die individu. Gesinsverbrokkeling, egskeiding en die verlies aan vriende, is dikwels die gevolg. Nadat dobbel in Namibië gewettig is, het 'n Namibiese amptenaar opgemerk: "Al waarin ons geslaag het, is om 'n paar mense baie ryker te maak en 'n klomp mense baie armer." Die Namibiese verslag het uitgewys dat die wettiging van dobbel daartoe gelei het dat meer werksgeleenthede verlore gegaan het, as wat geskep is.

**Vernietig deur Lotery**
Brittanje se nasionale lotery is in 1994 begin en is bemark as "'n droom kaartjie na persoonlike rykdom". Dit het wel sommige goeie sake ondersteun, maar het vinnig in 'n nagmerrie ontaard. Sommige miljoenêrs was verplig om weg te kruip as gevolg van die sakke vol bedel-briewe en die haat-veldtogte teen hulle. Welsynsorganisasies het gekla dat hulle donasies drasties afgeneem het, terwyl hulp-organisasies 'n massiewe toename in verslaafde dobbelaars gerapporteer het, na wie hulle moes omsien. Die armste en mees kwesbare mense, wat dit die minste kon bekostig, was diegene wat week na week in dobbel ingetrek is. "Gamblers Anonymous" het gerapporteer dat mense op alle vlakke van die samelewing deur die lotery geruïneer is.

**Kasinos en Misdaad**
'n Verslag uit Denemarke het aan die lig gebring dat byna twee miljoen Deense burgers (uit 'n bevolking van net oor die vyf miljoen) elke week loterykaartjies koop. Die verslag meld dat gewettigde dobbel in die

land gelei het tot alkoholisme, persoonlike ekonomiese agteruitgang, egskeidings en selfmoorde. *"Wie onregverdige wins maak, bring sy huis in beroering."* Spreuke 15:27

'n Verslag deur *US News and World Report* het aangetoon dat misdaad toeneem, oral waar dobbelhuise geopen word. Daar is duidelike gedokumenteerde getuienis dat gewettigde dobbel gepaard gaan met 'n massiewe toename in omkopery, bedrog, afpersing en bankrotskappe, by sowel besighede as individue.

**Gierigheid Skep Chaos**

Die chaos, wetteloosheid, vernietiging, armoede en hongersnood in Zimbabwe is 'n duidelike waarskuwing van waarheen die sonde van gierigheid kan lei. *"Wee hom wat vuil gewin maak vir sy huis, om sy nes in die hoogte te bou, om homself te red uit die greep van onheil."* Hábakuk 2:9

Geldgierigheid is selfsugtigheid. "Ek benodig! Ek wil hê! Ek moet hê! Gee aan my!" Gierigheid skryf vir die hart voor om te droom en te beplan vir die goed van hierdie wêreld, in hierdie lewe. Gierigheid begeer geluk en soek vervulling in materiële besittings. Gierigheid fokus hart en gedagtes op gewildheid, aansien, status, roem, posisie, besittings, eiendom, persoonlike voorkoms of selfs "jou naaste se vrou".

**Versmoor deur Bekommernis**

In die gelykenis van die saaier praat die Here Jesus van diegene wat verstrengel raak in bekommernis, rykdom en die genot van hierdie lewe. Inhaligheid kan geestelike oorwegings versmoor. Dis soos vloedwaters wat alle grense oorstroom, en wat, sonder rigting of selfbeheersing, alles in sy pad kan meesleur. Mense wie se harte en gedagtes aan hebsug oorgegee is, het doodgewoon nie enige energie of entoesiasme oor vir ware, belangrike geestelike aktiwiteite nie. Gierigheid is soos 'n aggressiewe kanker wat vinnig sy slagoffer oorweldig, en alle gesondheid en effektiwiteit aftakel en geestelike lewe vermink.

**Afgodies en Aansteeklik**

Gierigheid is afgodery, en dit is aansteeklik. Dit verlaag mense, en hou hulle besig met onbenullighede. Gierigheid verg geweldig baie tyd en energie, en van alle sondes is dit die mees self-regverdigende.

Gierigheid is 'n hoogs subtiele sonde. Dit verdoof en vernietig die gewete – na die mate wat luukses noodsaaklikhede word. Die Apostel Paulus het

opdrag gegee dat iemand wat geldgierig is, nooit as ‘n ouderling mag dien nie (1 Timótheüs 3:3). Hy het ook geskryf dat gelowiges nie moet omgaan *“al staan hy as ‘n broeder bekend, ‘n hoereerder is of ‘n gierigaard of ‘n afgodedienaar of ‘n kwaadspreker of ‘n dronkaard of ‘n rower nie; met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie...”* 1 Korinthiërs 5:11

**Vlug van Versoeking**

Ons behoort van versoeking weg te vlug, soos Josef en Daniël gedoen het, soos vir ‘n dreigende ramp. Die Skrif stel dit duidelik: *“Of weet julle nie dat die onregverdiges die Koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen ... gierigaards... sal die koninkryk van God beërwe nie.”* 1 Korinthiërs 6:9-10

Een van die beste waarborge teen die kanker van gierigheid, is om ‘n gesindheid van dankbaarheid te kweek. ‘n Ander is om vergenoegdheid en vrygewigheid aan te leer. Dit is moeilik om inhalig te wees as ons dinge weggee.

**Kweek ‘n Gesindheid van Dankbaarheid**

Om die sonde van gierigheid in jou lewe te oorwin, moet jy die Woord van God bestudeer en jou seëninge tel. *“Nie dat ek dit uit gebrek sê nie, want ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is. Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorvloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly. Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.”* Filippense 4:11-13

"Above all else love God alone.
Bow down to neither wood or stone.
God's Name refuse to take in vain.
The Sabbath rest with care maintain.
Respect your parents all your days.
Hold sacred innocent life always.
Be loyal to your chosen mate.
Steal nothing neither small nor great.
Report, with truth, your neighbour's deed.
And rid your mind of selfish greed."

*“Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.”* Kolossense 3:2

Hoofstuk 11

# DIE WET VAN GOD EN DIE EVANGELIE VAN CHRISTUS

***"Maak ons dan die Wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die Wet."*** Romeine 3:31

**Frustrasie en Mislukking**

Baie mense verwar vandag die Wet en die Evangelie met mekaar. Hulle dink hulle moet die Wet gehoorsaam om Christene te word. As gevolg daarvan raak hulle gefrustreerd met hul mislukking, skaamkry en skuldgevoellens. Hulle kan eenvoudig nie verstaan waarom die Evangelie nie vir hulle werk nie. Die probleem is, hulle span die spreekwoordelike kar voor die perde in.

**Wet en Genade**

Verlossing is uit genade alleen, en word alleen deur die geloof ontvang. Ons gehoorsaam nie die Wet om gered te word nie. Ons gehoorsaam die Wet omdat ons gered is.

Die Wet veroordeel – maar die Evangelie van Christus verlos.

Die Wet bring ons sonde aan die lig – maar die Evangelie openbaar ons Verlosser.

Die Wet verklaar ons skuldig – maar die Evangelie van Christus offer vergifnis.

Die Wet eis vergelding – maar die Evangelie bevestig dat Jesus Christus ons skuld voor God betaal het.

D. L. Moody het gesê: *"Die Wet is 'n spieël wat ons wys wie ons is – maar jy kan jouself nie met 'n spieël was nie."*

**Wat die Wet Nie Kan Doen Nie**

Die Wet kan ons nie regverdig nie. Die Wet kan nie red nie. Die Wet kan nie heilig maak nie.  Maar, die Wet kan ons sonde aan die lig bring – dit is egter net Jesus Christus wat ons van ons sonde kan verlos.

**Wat die Wet wel Doen**

***"Sonde is...oortreding van die Wet van God." "*** 1 Johannes 3:4

***"Die Wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel."*** Psalm 19:8

***"Maar hy wat diep insien in die volmaakte Wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen."*** Jakobus 1:25

Die wet oortuig van sonde (Romeine 7:7-11).

Die Wet veroordeel oortredings (Romeine 4:15; Jak. 2:10).

Die Wet lê boosheid aan bande (1 Timótheüs 1:8-11; Psalm 119:11).

Die Wet dryf mense na Christus (Galásiërs 3:24; Psalm 19:7).

Die Wet is ons riglyn vir heiligmaking (Romeine 8:4).

Die Wet van God lê aan die hart van die Nuwe Verbond: ***"Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit... Ek gee my Wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."*** Jeremia 31:31-33.

Die Tien Gebooie reflekteer die karakter van God. ***"Heilig moet julle wees, want Ek, die Here julle God, is heilig."*** Levítikus 19:2

**Plig en Vreugde**

Die mense is nooit geskep om outonoom te wees nie – dit wil sê om 'n wet vir homself te wees nie, maar wel theonoom – onderworpe aan die Wet van God. Dit is nie 'n slegte ding nie, want God het ons so geskep dat dankbare gehoorsaamheid vir ons die grootste vreugde verskaf. Plig en vreugde loop hand aan hand.

Koning David het in die Psalms geskryf***: "Laat my wandel op die pad van U gebooie, want daarin het ek 'n behae."*** Psalm 119:35; ***"Hoe lief het ek U Wet; dit is my bepeinsing die hele dag."*** Psalm 119:97; ***"...maar U Wet het ek lief."*** Psalm 119:113; ***"Daarom het ek U gebooie lief, meer as goud, ja, as baie fyn goud!"*** Psalm 119:127

**Liefde en Wet**

Die Apostel Paulus het geskryf: ***"Dus is die Wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed."*** Romeine 7:12; ***"Want ek verlustig my in die Wet van God na die innerlike mens."*** Romeine 7:22

En die Apostel Johannes skryf: ***"Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en Sy Gebooie bewaar. Want dit is die liefde tot God, dat ons Sy Gebooie bewaar; en Sy Gebooie is nie swaar nie."*** 1 Johannes 5:2-3

Die gevalle mens haat God se Wet van harte – omdat dit Wet is én omdat dit van God af kom. Maar, dié wat Christus ken en liefhet, het ook Sy Wet lief en wil dit gehoorsaam, uit dankbaarheid vir God se genade en seën, en om Hom te behaag. God se kinders ontdek ook dat die Heilige Gees hulle lei tot vlakke van gehoorsaamheid aan Sy Wet, wat hulle nooit voorheen kon vermag nie.

**Pilgrim's Progress**

In *Pilgrim's Progress* skets John Bunyan vir ons 'n pragtige beeld van die verhouding tussen Wet en Genade. In dié geestelike meesterstuk word die hoofkarakter, Christian, deur Tolk na 'n pragtige, groot vertrek gebring. Die kamer is vir jare nie afgestof of skoongevee nie. Daar lê 'n dik laag stof en baie spinnerakke. Tolk roep toe 'n man met 'n besem om die vertrek skoon te vee. Terwyl die man vee, styg die stof in die kamer op, en Christian verstik, hoes en hyg na sy asem.

Toe roep Tolk 'n vrou en vra haar om die kamer met water te besprinkel. Hierna gaan lê die stof en word die vertrek maklik skoongemaak.

*"Wat beteken dit?"* vra Christian vir Tolk. Hy antwoord dat die kamer *"die hart is van 'n man wat nooit deur die liefdevolle genade van die Evangelie geheilig is nie. Die stof is sy aangebore sondigheid en innerlike verdorwenheid, wat sy hele menswees besoedel het. Die een wat eerste begin vee het, is die Wet; maar die vrou wat die water gesprinkel het, is die Evangelie."*

Wat John Bunyan hiermee vir ons wil duidelik maak, is dat die Wet ons sonde só ontbloot, dat ons geestelik skaars kan asemhaal. Ons verstik van die sonde wat deur die Wet in ons gesigte opstyg - totdat ons oortuig word van die totale verdorwenheid waarin ons verkeer.

Diegene wat buite Christus is, wil nie die Wet hoor nie, want hulle weet hulle is skuldig. Dié wat in Christus is, wil dikwels ook nie die Wet hoor nie, want hulle raak beangs wanneer hulle die genade van God vergeet.

Ons lees in *Pilgrim's Progress* dat Christian - nadat hy vir 'n lang tyd geworstel het met die groot en uitputtende las van skuld en sonde wat op sy rug vasgebind was – die opdraande pad na Golgota aangepak het. Terwyl hy na bo geklim het, het hy 'n kruis gesien, en aan die kruis die Een wat die Seun van God is. Toe hy sy oë na die kruis opslaan, het die swaar skuld-las skielik losgebreek, en van sy rug bergaf gerol en in 'n

donker grafkelder verdwyn – om nooit weer gesien te word nie.

Toe het drie skynende engele hom ontmoet, en hom begroet met: "Vrede vir jou!"

Die eerste een het verklaar: "Jou sonde is vergewe"

Die tweede engel het sy vuil, stinkende, sonde-besmette klere verwyder, en hom beklee met die wit kleed van Christus se volmaakte gehoorsaamheid, sodat hy onbevlek voor die Heilige God kon staan.

Die derde engel het aan hom 'n verseëlde boekrol gegee, met die waarborg van ewige Verlossing in God se Paradys.

**Genade en Vergifnis**

Oor één ding mag daar geen twyfel bestaan nie: Niemand sal deur Wetsonderhouding in die Hemel kom nie. Jy is 'n skuldige wetsverbreker, wat God se vergifnis, vryspraak en genade nodig het. Enige diepgaande ontleding van die Tien Gebooie sal elke eerlike persoon tot God om genade en vergifnis laat uitroep: *"Here, wees my, arme sondaar, genadig!"*

**Skuld en Genade**

Sonder skuld is genade onnodig. Geen genade is nodig waar daar geen sonde is nie. As jy nie 'n sondaar is nie, hoef God jou nie genadig te wees nie. Waar ellende nie ervaar word nie, word genade nie waardeer nie. Niemand sal na genade soek, alvorens hy skuldig pleit nie.

Die Gebooie reinig ons nie; dit oortuig ons dat ons reiniging nodig het, en dring ons om by ons Heer en Verlosser, Jesus Christus, alleen redding te soek.

Dis terwyl ons na die vereistes van die Wet kyk, dat ons besef dat ons dit nie gehoorsaam het nie. En wanneer ons kyk na die sondes wat deur die Wet verbied word, dan moet ons erken dat ons skuldig is. Ons is skuldige wetsverbrekers en dit ontbreek ons aan enige hoop om deur volkome wetsonderhouding gered te word.

Die Woord van God kom tot almal wat hulle desperate nood besef: ***"Almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk! Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig. Neig julle oor en kom na***

***My toe, luister, en julle siel sal lewe; Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit..."*** Jesaja 55:1-3

**Goeie Nuus**

Die Evangelie is Goeie Nuus vir almal wat besef dat hulle die Wette van die Lewende God verbreek het. God stort Sy genade uit op almal wat besef dat hulle wetsoortreders is - wat voor die Troon van ons Heilige God skuldig staan. God verwelkom almal wat Hom eers gehaat en teen Hom gerebelleer het, en vergewe al ons sondes, en neem ons aan as seuns en dogters in Sy familie. En dan bemagtig Hy ons as Sy diensknegte en soldate, om in Sy Koninkryk diensbaar te wees in die stryd van die geloof. As ons maar net voor Hom wil buig en ons dade van rebellie bely, dan word Sy gawe van die Ewige Lewe ons s'n.

**Wortel en Vrug**

Niemand se goeie werke was nog ooit goed genoeg om te vergoed vir die boosheid en rebellie van die gevalle mens nie. Slegs die bloedige offer van Jesus Christus kon vir ons versoening vergoed. Dit is absoluut noodsaaklik dat ons die regte orde begryp. Dit is eers nádat ons deur geloof in Christus verlos is, dat ons deel word van die familie van God. Dit is slegs dán eers, dat ons in staat is om die Gebooie te gehoorsaam – nie om onsself te probeer red nie, maar omdat ons gered is.

In ánder godsdienste doen mense goeie werke omdat hulle meen om op dié manier saligheid te verdien. Mense probeer uitreik na bó om God te ontdek, maar in die Christendom het goeie werke heeltemal 'n ander duiding: Dit is ons reaksie op die feit dat God na óns uitreik, in en deur ons Here Jesus Christus.

Voordat die Eerste Gebod in Exodus 20 gegee is, het God gesê: ***"Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie."*** Exodus 20:2-3

Verlossing vind eers plaas en dan volg gehoorsaamheid aan die Wet. Dit is slegs wanneer ons God se genadige Verlossing belewe het, dat ons in staat is om Sy Gebooie op 'n betekenisvolle manier te onderhou. Dis eers wanneer ons ons lewens heelhartig aan Christus oorgee en Sy reinigende en transformerende krag ervaar, dat ons begin besef hoe die Wet van God ons harte deursoek, ons gees inspireer, ons gawes aanwend, en ons denke regeer - op die hoofweg van heiligmaking. Wanneer die Heilige Gees in

ons is en ons lei, word God se morele Wet ons standaard, ons gids en ons beveiliging. Dis in ons soeke om God met ons hele hart, siel en gedagtes lief te hê, en ons krag uit Sy Almag alleen te put, dat ons die waarheid van Jesus se woorde ontdek: ***"As julle My liefhet, bewaar My Gebooie."*** Johannes 14:15

**Woorde, Werke en Aanbidding**

In die tien bondige voorskrifte van die Tien Gebooie, ontdek ons al die morele deugte, die volle omvang van ons aanspreeklikheid aan ons Skepper en ons verantwoordelikheid teenoor ons naaste. Die kern van al God se bepalings en verordeninge het in die Tien Gebooie neerslag gevind en is daarin opgesom. God vereis van elke indiwidu volkome gehoorsaamheid aan al die konsekwensies van Sy Wet. Die Groter Westminster Kategismus *(Vr. 99)* leer: *"Die Wet bind die hele mens.. tot ewige gehoorsaamheid." "Dit is geestelik, en daarom raak dit die verstand, wil, toegeneentheid en alle ander vermoëns van die siel, asook alle woorde, werke en gebare." "... Waar 'n plig opgelê word, word die teenoorgestelde sonde verbied; en waar 'n sonde verbied word, word die teenoorgestelde plig opgelê."*

**Wettiesheid Verwerp**

As ons die Tien Gebooie bestudeer, is dit ook noodsaaklik om oor die kwessie van wettiesheid te dink. Wettiesheid is 'n wanopvatting van gehoorsaamheid. Dit is die valse aanname dat goeie dade 'n manier is om God se guns te verdien. Wettisisme kan arrogante en neerbuigende aanhangers kweek, selfsugtigheid en hoogmoed huisves en alle nederigheid, vriendelikheid en liefde versmoor.

Die wettiese Fariseërs was van mening dat hulle - uit hoofde van die feit dat hulle afstammelinge van Abraham was - gewaarborgde goedkeuring by God geniet het. Hulle het daaglikse onderhouding van die Wet tot die fynste besonderhede geformaliseer. En tog het hulle die hart van die Wet nagelaat. Jesus het die geveinsdheid van die Fariseërs veroordeel, omdat hulle uiterlike vertoon hul innerlike korruptheid versteek het. Hulle was 'n klomp adders, witgepleisterde grafte vol doodsbeendere. Hulle het hulleself graag voorgedoen as getroue onderhouers van die Wet van Moses. Maar, terwyl hulle die letter van die Wet gehou het, het hulle die belangrikste nagelaat. Hulle breedsprakige en misleide interpretasies van die Wet, het die ware gees en aard daarvan misken. Hulle het God

se gesaghebbende Wet vervang met menslike tradisies, en op dié manier mense se gewetens gebind. Hulle was skynheilig, het ander veroordeel, en het die guns van mense gesoek (Matthéüs 23:23-24; Matthéüs 15:3-9; 23:16-24; Markus 2:16; 3:6; 7:1-8; Luk. 20:45-47; Matthéüs 6:1-8; 23:2-7). Wettiesheid is ‘n poging om mense se tradisies op dieselfde vlak as God se Wet te plaas.

Die Judaïseerders, wat Paulus opponeer het, was wettisiste wat ander geleer het dat ‘n mens deur wetsonderhouding gered kan word. Hulle het Christene probeer wys maak dat hulle éérs Jode moes word, alvorens hulle Christene kon word. Vir hulle was die besnydenis ‘n voorvereiste vir Redding. Hulle het die genoegsaamheid van Christus ontken, en aangedring op die onderhouding van die Joodse seremoniële wette, rituele en kalender as voorvereistes vir Verlossing. Die Apostel Paulus het in Galásiërs en Kolossense teen die dwaalleer van die Judaïsme gewaarsku, en daarop gewys dat hulle wettisisme die weg van Saligheid verduister, en ‘n ondraaglike las op God se verlostes plaas.

### ‘n Sagte Juk en ‘n Ligte Las

Ons Here Jesus Christus het gesê: ***“Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want My juk is sag en my las is lig.”*** Matthéüs 11:28-30

### He Gives More Grace

*“He gives more grace when the burdens grow greater*
*He sends more strength when the labours increase*
*To added inflictions He adds His mercy*
*To multiply trials His multiplied peace.*

*“When we have exhausted our store of endurance,*
*When our strength has failed before the day is half done*
*When we reach the end of our hoarded resources*
*Our Father’s full giving has only begun.*

*“His love has no limit, His grace has no measure,*
*His power no boundary known unto men*
*For out of His infinite riches in Jesus*
*He gives and gives and gives again.”*

**"Amazing Grace"**

John Newton, die destydse slawehandelaar wat later 'n prediker geword het en ook die skrywer was van die bekende lied *Amazing Grace,* het geskryf: *"Ek is nie wat ek kan wees nie, ek is nie wat ek behoort te wees nie, ek is nie wat ek graag wil wees nie, ek is nie wat ek hoop om te wees nie; maar ek dank God ek is nie wat ek voorheen was nie, en saam met die Apostel kan ek sê 'deur die genade van God is ek wat ek is'".*

**"O, to grace how great a debtor**

*Daily I am constrained to be!*

*And let that grace, Lord, like a fetter,*

*Bind my wandering heart to Thee.*

*Prone to wander, Lord, I feel it,*

*Prone to leave the God I love;*

*Take my heart, O, take and seal it,*

*Seal it from Thy courts above!"*

**Kom na die Kruis van Christus**

Die Wet sê 'doen'; die Evangelie sê **'Gedoen!'**

Die Wet sê 'gaan'; die Evangelie sê **'Kom!'**

***"Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu."*** Jesaja 1:18

***"Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde."*** Jeremiah 31:3

Niks kan ons van die liefde van God skei nie (Romeine 8:39).

***"Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God?"*** Romeine 8:33

Jy het die Wet van God gehoor. Jy het die Evangelie van ons Here Jesus Christus gehoor. Het jy sonde bely en jou van jou opstandigheid teenoor God Almagtig bekeer? Bely jou sonde en word vernuwe.

***"Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik."*** Jesaja 55:6-7

"Love so amazing, so divine, shall have my life, my soul, my all!"

## BIBLIOGRAFIE

Calvyn, John – *Institutes of the Christian Religion*, Geneva, 1559; geherdruk deur Westminster Press, 1960

Calvyn, John – *Truth for All Time*, 1537, geherdruk deur Banner of Truth, 1998.

Edwards, Brian – *The Ten Commandments for Today*, Day One, 2002

Gentry, Kenneth – *God's Law in the Modern World*, Presbyterian and Reformed, 1993

Kennedy, James – *Why the Ten Commandments Matter*, Warner, 2005

Masters, Peter – *God's Rules for Holiness* – Wakeman, 2003

*Matthew Henry's Commentary*, oorspronklik gepubliseer in 1710, geherpubliseer deur Marshall, Morgan and Scott, 1960

Nigel Lee, Francis – *God's Ten Commandments*, Nordskerg, 2007

Reisinger, Ernest – *Whatever Happened to the Ten Commandments?* Banner of Truth, 1999

Rushdoony, Rousas – *The Institutes of Biblical Law*, Presbyterian and Reformed, 1973

*The Westminster Larger Catechism*, oorspronklik gepubliseer in Londen, 1644

## DIE SKRYWER

Dr. Peter Hammond is 'n sendeling wat baanbrekerwerk verrig ten opsigte van evangelisasie-uitreike in Mosambiek, Angola en Soedan. Peter het al honderde duisende kilometers gereis, selfs per motorfiets, om Bybels af te lewer aan vervolgde Christene in Afrika en Oos-Europa. Tydens sy sendingaktiwiteite, is Peter al gevang in hinderlae, het hy onder lugvaart- en artillerie-bombardering deurgeloop, is op hom geskiet, is hy deur bendes geslaan, in hegtenis geneem en toegesluit. Op sommige sendingreise het hy vêr agter die vyandelike linies beweeg na die omsingelde Nubaberge in Sentraal-Soedan, met tonne Bybels, boeke en verligtings hulpmiddels. Hy het ook dwarsdeur die verwoeste Nubaberge geloop en die Jesus-film in Arabies vertoon, die Evangelie verkondig, pastore opgelei en terselfdertyd die vyand ontduik.

Dr. Peter Hammond is die Stigter en Direkteur van Frontline Fellowship en die Stigter en Voorsitter van Africa Christian Action. Hy is the Outeur van: *Faith Under Fire In Sudan, Holocaust In Rwanda, The Great Commission Manual, Putting Feet To Your Faith, In the Killing Fields of Mozambique, Biblical Principles for Africa, The Greatest Century of Missions, Discipleship Handbook, Slavery Terrorism & Islam - The Historical Roots & Contemporary Threat, The Greatest Century of Reformation*, *The Power of Prayer Handbook, Practical Discipleship, Answering Skeptics*, *Victorious Christians - Who Changed the World, Old Testament Survey* en *Sketches from South African History.* Hy is ook die Redakteur van beide *Frontline Fellowship News* en *Christian Action* tydskrifte.

Oor die afgelope 40 jaar is Peter toegewyd daaraan om die vervolgde Christene in Afrika by te staan, en om te werk vir Herlewing en hernuwing in Afrika. Peter het die *Biblical Worldview Seminar* en die *Great Commission Course* ontwikkel, om Christene te mobiliseer om die heerskappy van Christus volledig toe te pas op alle areas van die lewe en om die Groot Opdrag effektief uit te voer.

Peter is (in 1960) in Kaapstad gebore en het in Bulawayo grootgeword (wat in daardie dae die oorloggeteisterde Rhodesië, nou Zimbabwe, was). Hy is in 1977 in Christus wedergebore, het gewerk in Scripture Union en Hospital Christian Fellowship, het gedien in die Suid-Afrikaanse Weermag, en het aan Baptist Theological College, Kaapstad, gestudeer. Hy het ook sy Doktoraat in Missiologie verwerf. Peter is getroud aan Lenora (wie se ouers, ds. Bill en Harriett Bathman, vir meer as 60 jaar sendelinge was - meestal in Oos-Europa). Peter en Lenora is geseën met vier kinders: Andrea, Daniela, Christopher en Calvin.

# ANDER BESKIKBARE PUBLIKASIES

**Boeke:**

Apostles Creed - Firm Foundations for Your Faith
Angola by the Back Door
Answering Skeptics
Bybelse Beginsels vir Afrika (ook beskikbaar in Engels and Frans)
Biblical Faith and Modern Counterfeits
Biblical Worldview Manual
Character Assassins - Dealing with Ecclesiastical Tyrants & Terrorists
David Livingstone - Man of Prayer and Action
Die Christen in Oorlog (ook beskikbaar in Engels, Duits en Spaans)
Discipleship Handbook
Fantastic but True - A Manual for Working with Children's Ministries
Faith Under Fire in Sudan
Going On - With a Nod from God
Going Through - Even if the Door is Closed
Great Commission Manual
Greatest Century of Missions
Greatest Century of Reformation
Holocaust in Rwanda (Ook beskikbaar in Frans)
In the Killing Fields of Mozambique
Make a Difference - A Christian Action Handbook for Southern Africa
Old Testament Survey
Pink Agenda - Sexual Revolution and the Ruin of the Family
Praktiese Dissipelskap
Putting Feet to Your Faith
Reforming Our Families
Security and Survival in Unstable Times
Sketches from South African History
Slavery, Terrorism and Islam - The Historical Roots & Contemporary Threat
South Africa - Renaissance or Reformation?
The Ten Commandments - God's Perfect Law of Liberty
War Against God
Word Vry van die Pornografie Plaag (Ook beskikbaar in Engels)
Victorious Christians Who Changed the World

**DVDs (in Engels):**

Behind Enemy Lines for Christ (80min)
Sudan the Hidden Holocaust (55 min)
Terrorism and Persecution - Understanding Islamic Jihad (55 min)
Evangelising in the War Zones (35 min)

**OUDIO CDs, boksstelle en MP3s (in Engels):**

South African History
Biblical Worldview Summit
Great Commission Course
Heroes of the Faith
Revival
Muslim Evangelism Workshop
Reformation
Answering Skeptics

Christian Liberty Books
*Hulpbronne vir Hervorming en Herlewing*
admin@christianlibertybooks.co.za
www.christianlibertybooks.co.za
Vanaf 1995

# INTERNASIONALE LIFE CHAIN SONDAG

DIE **EERSTE SONDAG IN OKTOBER**, ELKE JAAR

**14:00 - 16:00**

BUITENGRACHT STRAAT
**KAAPSTAD**

\+

NASIONALE ***MARCH FOR LIFE*** – **DURBAN**



ONGEVEER **250**
**ONGEBORE BABAS**
WORD ELKE DAG, WETTIGLIK, IN
**SUID-AFRIKA GEABORTEER**
(SEDERT 1997)

"**MAAK JOU MOND OOP**
vir die stomme, vir die regsaak van almal wat wegkwyn."

SPREUKE 31:8

Besoek **www.ChristianAction.org.za** vir *hulpbronne* om *gebed* en *aksie* te mobiliseer.

# BEMAGTIG jou EVANGELISASIE

**Wat van die skynheiliges in die Kerk?** **Hoe kan 'n goeie God boosheid toelaat?**

**Hoekom bring God nie 'n einde aan al die lyding nie?** **Hoe weet jy daar is 'n God?**

**Is Godsdiens nie net 'n kruk vir die swakkeling nie?** **Maar is alle gelowe nie dieselfde nie?**


**Hoe kan 'n liefdevolle God enigiemand hel toe stuur?** **Wat van die Inkwisisie?**




*Answering Skeptics* boek *(Engels)* - 144 bladsye deur dr. Peter Hammond - **R75***
*(Ook beskikbaar as 'n E-boek)*

***"Ons lewe in 'n era van skeptisisme; Peter Hammond skryf vir daardie skeptici wat bereid is om te luister en te dink."***

geneem uit die Inleiding deur
**Ray Comfort** van ***Way of the Master***




***Answering Skeptics*** Oudio en Data MP3 boksstel, 32 Oudio Lesings, Preke en Radio Onderhoude, **PDF** *Answering Skeptics* boek, en 8 PowerPoint 2 MP3 diskette *(Engelse hulpbronne)*

**R150***

***"Skeptici, ateiste en sekulêre humaniste is in optog met 'n nuwe militantheid. Peter Hammond se boek is ontwerp om hierdie skeptici kop-aan te ontmoet."***

geneem uit die Voorwoord deur
**eerw. Erlo Stegen** van **KwaSizabantu Sending**

## KOMBINASIE
## OFFER

**Boek +** Dubbelskyf-Oudiostel **MP3**
vir slegs **R200***

Vanaf 1995

**Christian Liberty Books**
*Hulpbronne vir Hervorming en Herlewing*
Posbus 358 Howard Place 7450 Pinelands, Kaapstad, Suid Afrika
Tel: 021 689 7478 Faks: 086 511 7490
admin@christianlibertybooks.co.za
**www.christianlibertybooks.co.za**




*POSGELD UITGESLUIT

# BYBELSE BEGINSELS VIR DIE INDIVIDU
## - VIR DIE FAMILIE, VIR DIE NASIE, VIR DIE WÊRELD -

***"Wonderlik"***
**Levy Mwanawasa,** president van die Republiek van Zambië

***"`n Uitdaging"***
**biskop Frank Retief,** Voorsittende Biskop van die Kerk van Engeland in Suid-Afrika




Boek met
104 Bladsye, 10 Prente
**R60**

***"Meersterstuk"***
**ds. dr. Kenneth R. Meshoe,** PL, Suid-Afrika

***"Goddelike wysheid"***
**dr. Bingu wa Mutharika,** president van die Republiek van Malawi

***"'n Ontsagwekkende handboek"***
**Mev. Cheryllyn Dudley,** PL, Suid-Afrika

***"Hoogs aanbevole"***
**biskop Bullen A Dolli,** Lui Diocese, Episcopal Church of Sudan

***"`n Handleiding oor die weg van seëninge"***
**ds. Erlo Stegen,** direkteur van KwaSizabantu Sending

***"Kreatief en proaktief"***
**Michael Cassidy,** president van African Enterprise

***"Alomvattend, maar tog saaklik"***
**Sy Edele. Kent Durr, PL,** Oud Ambassadeur & hoë Kommissaris van Suid-Afrika aan die Hof van St. James, Londen

*"en My volk, oor wie My Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en My aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ek uit die Hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees."*

2 Kronieke 7:14

**Christian Liberty Books**
***Hulpbronne vir Hervorming en Herlewing***
Posbus 358 Howard Place 7450 Pinelands, Kaapstad, Suid-Afrika
Tel: 021 689 7478 Faks: 086 551 7490
admin@christianlibertybooks.co.za
www.christianlibertybooks.co.za

Ondersteun en Bid vir

# FRONTLINE FELLOWSHIP

– 'n Bediening van die vervolgde Kerk in Afrika –

OP DIE GEVEGSFRONT VANAF 1982

## Ons Werk vir Hervorming en Bid vir Herlewing in Afrika

*"... maak dissipels van al die nasies, en doop hulle... en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."*

MATTHÉÜS 28:19




Bediening van die vervolgde Kerk deur:

ANGOLA – BOTSWANA – KONGO
MOSAMBIEK – MALAWI – NAMIBIË
NIGERIË – SOEDAN – TANZANIË
ZAMBIË – ZIMBABWE

LITERATUUR
LEIERSKAPOPLEIDING
LIEFDE-IN-AKSIE

WWW.FRONTLINE.ORG.ZA

Frontline Fellowship
Posbus 74 Nuweland 7725 Suid-Afrika
**Tel** (021) 689 4480 **Faks** (021) 685 5884
mission@frontline.org.za

*Besoek, Deel en Hou Van op **Sosiale Media***

# Suid-Afrikaanse Geskiedenis

## – Oudio & Data MP3 Boksstel –

Hierdie boksstel is 'n kragtige hulpbron vir enige persoon wat **Suid-Afrikaanse geskiedenis** vanuit 'n **Bybelse Wêreldbeskouing** wil benader.







**SLEGS R180**

Posgeld Uitgesluit

**GEBEURE:**

Die Stryd vir Suid-Afrika
Die Franse Hugenote
Die Groot Trek
Die Slag van Bloedrivier
Die Anglo Zoeloe Oorlog
Die Anglo-Boere Oorlog
Die Slag van Majuba

**ROLSPELERS:**

Jan van Riebeeck
Georg Schmidt
Wolraad Woltemade
Dr. David Livingstone
Andrew Murray
Carl Hugo Gutsche
President Paul Kruger
President Martinus Steyn
Danie Theron
Generaal Christiaan De Wet
Generaal De La Rey
Emily Hobhouse

**LANDMERKE:**

Swellendam
Graaff Reinet
Bloemfontein
Pietermaritzburg
Krugersdorp
Lichtenburg
Lydenburg
Potchefstroom
Pretoria
Wellington
Die Voortrekker Monument
Fort Schanskop

## Christian Liberty Books

*Hulpbronne vir Hervorming en Herlewing*

Posbus 358 Howard Place 7450 Pinelands, Kaapstad, Suid-Afrika
Tel: 021 689 7478 Faks: 086 551 7490
admin@christianlibertybooks.co.za
www.christianlibertybooks.co.za